

## [Etienne Britz](#)

"Waar hebben wij het aan verdiend?" 'n Beskouing van vier gedigte van Gerard Reve

## [Herman Wasserman](#)

Terug na die plaas - postkoloniale herskrywing in Etienne Van Heerden se Die Stoetmeester

## [Frederick Hale](#)

The fountain-head of Dutch fictional reconstructions of the Great Trek: J. Hendrik van Balen's De Landverhuizers

## [Siegfried Huigen](#)

Wildheid en beschaving bij Peter Blum

## [Pieta van Beek](#)

Maria (Murray) Neethling (1831-1912): een vergeten vrouwschryver uit Zuid-Afrika

[Elektroniese weergawes van T.N&A](#)

[Kontaknommers](#)

[Algemeen](#)

[Riglyne vir outeurs](#)

# "Waar hebben wij het aan verdiend?" 'n Beskouing van vier gedigte van Gerard Reve

- Etienne Britz -

---

## Abstract

The poems of Gerard Reve have received scant attention in Dutch literary criticism and are brushed off in a few dismissive sentences in some of the more expansive studies of Reve's work. Reve's poems are also poorly represented in the most important modern anthologies of Dutch poetry. The poems indeed form a small part of Reve's extensive oeuvre of novels and shorter prose texts such as short stories, letters and essays. Yet, the author's debut was a collection of poems titled *Terugkeer*, published in 1940, and he has included a number of particularly charming, witty and interesting poems in eight collections of verse (or collections of miscellaneous shorter texts) since that time. Some of these poems provide pointed examples of a stylistic, mythological and thematic system unique to Gerard Reve's work, which has become known as "Revism". In the following essay, the features of Revism are discussed and illustrated in a discussion of four poems written by the author. The essay should provide a general understanding of Gerard Reve's influential contribution to Dutch literature after the Second World War, and was written to draw attention to a neglected but rather engaging part of his artistic work.

## 1. Welke vier gedigte?

In Hans Warren se *De spiegel van de Nederlandse poëzie: dichters van de twintigste eeuw – uitgegee en bygewerk sedert 1979* – word op bladsye 296-298 van die vyfde hersiene edisie van 1987 (1) vyf gedigte opgeneem van Gerard Reve. Uit Reve se *Nader Tot U* (1966) kies Warren die gedig "Op mijn ouderdom", en uit *Een Eigen Huis* (1979) die gedigte "Op Mijn 47ste Verjaardag", "Loos Alarm", "De Blijde Boodschap" en "Een Jongen".

In Gerrit Komrij se *De Nederlandse poëzie van de negentiende en twintigste eeuw in duizend en enige gedichten, eweneens uitgegee vanaf 1979*, staan in die sewende druk van 1984 (2) nog steeds geen enkele gedig van Gerard Reve nie, al getuig onder meer Komrij se persoonlike gebruik van 'n kunsmatig-ouderwetse, ironies-tartende skryftrant daarvan dat hy in 'n nogal opvallende mate skatpligtig is teenoor Reve. Reve is immers die vader van hierdie soort styl binne die na-oorlogse periode. Veral sedert die sestigerjare vertoon die boeke van talle skrywers insidentele Reviaanse styltrekke – byvoorbeeld F.

Springer met sy "reviaanse hoofletters" in sy roman Bougainville. (3) Ander skrywers soos Jeroen Brouwers en Gerrit Komrij het byna metodiese eie variasies van die Reviaanse skryfwyse vir hulle polemiese of skeppende werk ontwikkel.

Komrij se weglating word op bladsy 9 van sy bloemlesing toegelig met 'n "Noot van de uitgever". Uit die toon kan 'n mens aflei dat Komrij dit waarskynlik self geskryf het: "Gewoontegetrouw weigerden Gerard Reve, Annie M.G. Schmidt en L. Th. Lehmann ("Gij zult niet bloemlezen") hun toestemming."

Sowel Reve as Lehmann verleen egter wel deeglik hulle toestemming in daardie jaar 1979 aan Hans Warren. Iets anders, iets onaangenaamers as blote prinsipiële beswaar teen opname in 'n bloemlesing, moes dus daartoe gelei het dat ons vandag met slegs vyf gedigte van Gerard Reve sit in die twee mees omvangryke en invloedryke antologieë van die Nederlandse poësie van die afgelope twintig jaar.

Die vyf gedigte in Hans Warren se bloemlesing – wat by verskillende universiteitsbiblioteke in Suid-Afrika beskikbaar behoort te wees – is gelukkig besonder goed gekies. 'n Mens kan die seleksie beskou as 'n verteenwoordigende monster van Reve se klein maar belangrike – of ten minste hoogs genietlike – poëtiese oeuvre, al ontbreek enkele van sy bekendste gedigte, soos die credo-gedig "Getuigenis". (4) ("Getuigenis" word wel afgedruk onder nota 4 en sal ook in die hiervolgende afdeling gesitêr word om bepaalde grondtrekke van Reve se skryfkuns en van die vier gedigte onder bespreking toe te lig.)

Vernaamlik weens die feit dat die betrokke gedigte in Warren se bloemlesing staan en dus verkrygbaar behoort te wees van Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke, wil ek hulle graag bespreek om aan veral Suid-Afrikaanse lesers 'n inleiding tot Gerard Reve se verskuns te bied.

My essay wil ook 'n beskouing aanbied van Reve se sogenaamde Revistiese skryfwyse. Ek sal my siening van die Revisme in afdeling twee (hierna) uiteensit. In afdeling drie illustreer ek die Revisme aan die hand van die vier gedigte wat ek analiseer.

Een van die vyf gedigte in Hans Warren se versameling, "Loos Alarm", laat ek weg uit die bespreking, doodeenvoudig omdat dit die kenmerkende neiging van Reve se styl om lapsusse op te lewer – flouerige weergawes van 'n bepaalde soort grap – na my smaak illustreer:

Loos Alarm

Kunstbroeder Carmiggelt zag mij eens, jaren geleden,

vrolijk op straat, met vrienden,

schertsend en lachend, vlak bij een cinema, en dacht:

"Het lijkt waarachtig wel of hij gelukkig is.

Wat fijn, wat heerlijk voor die jongen,

maar wat rampzalig voor de literatuur."

'n Mens maak in "Loos Alarm" weliswaar kennis met enkele noemenswaardige feite. Jy sien in die gedig byvoorbeeld dat Simon Carmiggelt in die jare sestig en sewentig 'n boesemvriend – 'n ware "kunstbroeder" – vir Reve was.

Reve se bewering by die ontvangs van die P.C. Hoofprys in 1968 dat hy 'n "dekadent-romantiese" skrywer is, (5) word toegelig omdat die gedig onder meer impliseer dat isolasie, ongelukkigheid en verval 'n bestaansrede vir sy skrywerskap is. Carmiggelt het verniet geskrik en 'n "loos alarm" geslaan toe hy gemeen het dat hy Reve in 'n gelukkige toestand aantref, "vrolijk op straat, met vriende, / schertsend en lachend, vlak bij een cinema". Reve is altyd ongelukkig, hy bly altyd psigies geïsoleer en gelyk aan sy vervalde held Frits van Egters in De Avonden (6) wat met vriende in 'n bioskoop sit en konkludeer: "Eigenlijk zit ik hier alleen." Die Nederlandse literatuur – of altans die verloopde romantiek, as 'n mens die skrywer se selfkategorisering of "selfperiodisering" wil aanvaar – bly veilig in Gerard Reve se sorg.

"Loos Alarm" wys ten slotte hoe Reve – trou aan die romantiese dekadentisme, maar met 'n element van ironiese selfspot – gepreokkupeer word deur die ydelhede van sy eie gevoelslewe en aansprake op kunstenaarskap.

---

## 2. Die "Revisme" van Gerard Reve

Gerard Reve se poësie, opgeneem in nege digbundels of versamelbundels met korter tekste soos gedigte, briewe, essays, voordragte en kortverhale, (7) is een van die genres wat hy beoefen naas sy hoofwerk as romanskrywer. Hy is as skrywer van kort tekste veral bekend vir sy briefkuns, gepubliseer in verskillende briefbundels.

In al hierdie genres van korter tekste, ook in sy argiefbundels met diverse ongepubliseerde tekste, kritieke, essays en openbare toesprake, laat Reve voorbeelde sien van 'n stilistiese, mitologiese en tematologiese stelsel wat bekend geword het as die "Revisme". Sy kortverhale, briewe en gedigte bied trouens kort, oorsigtelike – hoewel meestal onvolledige – voorbeelde van die Revistiese stelsel wat in sy totaliteit van komponente uniek is aan Gerard Reve se werk.

Met die woord "Revisme" word hier na iets anders as met die woord "Reviaans" verwys. Laasgenoemde uitdrukking verwys na 'n Reve-agtige stylkenmerk in enige skrywer se werk, en sluit nie noodsaaklik 'n assosiasie met Reve se erotiese en religieuse mite of tematologiese obsessies as skrywer in nie.

Daar bestaan weinig studies van Gerard Reve se poësie as sodanig. (8) Die Revisme is egter reeds omskryf in talryke studies, onder meer in bepaalde artikels in die samesteller Sjaak Hubregtse se Tussen chaos en orde, essays over het werk van Gerard Reve. (9) Onder nota 9 noem ek verskeie ander belangrike boeke en opstelle en verwys ek na artikels en bibliografiese oorsigte waar die jongste toeligting oor die onderwerp van die Revisme teruggevind kan word.

In Reve se persoonlike religieuse mitologie – of religieuse mitologie soos dit altans tot uitdrukking kom in sy literêre werk – word God soms voorgestel as 'n nederige, lydende God met wie die skrywer hom intiem identifiseer, so intiem dat 'n verbeelde kommunie die vorm van anale omgang kan aanneem. God verskyn byvoorbeeld as "éénjarige, muisgrijze Ezel" in hierdie hoedanigheid in Reve se bekende boek Nader tot U uit 1966.

Christus, die gekruisigde Christus veral, word soms voorgestel as 'n gemartelde gestalte wat seksuele opwinding opwek en daardeur 'n eroties-religieuse vervoering, 'n soort sado-masochistiese mistiek, in die hand werk.

Die elemente van die Revistiese mitologie is onderhewig aan 'n voortdurend-wisselende spel van die skrywer se verbeelding en humorsin. Maar Maria is in een van Haar verskyninge in elk geval die minnares van Reve self. Die skrywer het omgang met Haar in 'n droom en hy word sodoende die onbekende vader van Christus.

(10) Christus is in bepaalde projeksies van die Revistiese fantasie die seun of minnaar van Reve, die "jongen" wat hy altyd gedroom het om te kon versorg, straf en troos.

By sy eiesinnige aanpassing van die tradisionele Christelike mitologie, behou Reve sommige meer konvensionele opvattinge soos die gedagte dat God die Liefde is wat niemand en veral geen uiting van liefde kan uitsluit nie. Hierdie gedagte pas in die Revistiese kraam omdat afwykende seksualiteit dus geakkommodeer word deur God. Trouens, die hewige erotiese trance wat bereik word in 'n sado-masochistiese fantasie of spel is in werklikheid 'n soort erediens, dit bou 'n sfeer op waarin God aanwesig gemaak word.

Reve se liefde vir Maria, die "Koningin der Levenden" en die "Moeder van de Dood" – en die moeder trouens van God, wat snags siele uit die hel wegsteel en toesien dat God dit vir die siele met afwykende geaardheid nie te lastig in die hemel maak nie – beantwoord in heel beperkte mate aan ortodoks-Christelike of Rooms-Katolieke voorstellinge. Maria as moederfiguur is in bepaalde tonele tewens betrokke by 'n erotiese fantasie in verband met die

marteling van 'n mooi jong seun, 'n verbeeldingsvlug met die meesleurende krag van 'n infantilistiese regressie.

Die treffendste eienskap van die Revistiese mitologie is egter nie die eksentriek-individualistiese en desnoods "dekadent-romantiese" karakter daarvan nie, maar die feit dat dit oënskynlik nie ernstig bedoel word nie. Die hele stelsel is steeds vatbaar vir ironiese bewerking, vir ondermyning en ridiculisering deur Reve self. "Eigenlijk geloof ik niets" was 'n paslike titel vir 'n bundel essays oor die werk van Gerard Reve wat in 1990 by die uitgewer Cadans in Amsterdam verskyn. (Dié titel verwys na Reve se reëls "Eigenlijk geloof ik niets, / en twijfel ik aan alles, zelfs aan U" in die gedig "Dagsluiting" uit Nader Tot U.)

As 'n mens Reve se mitologie vergelyk met dié van 'n digter uit die vooroorlogse skrywersgenerasies soos Adriaan Roland Holst, val die bewoë erns waarmee Holst sy simboliese sisteem op skrif gestel het en die ambivalente, spottende manier waarop Reve met sy besondere mitologiese ikone speel, 'n mens dadelik op as 'n soort paradigmaverskuiwing wat in die Nederlandse literatuur plaasgevind het. Holst sou verteenwoordigers van die aanbiddelike vrou in sy persoonlike mitologie – soos Deirdre of Helena van Troje – byvoorbeeld nooit sonder 'n toon van fatale erns in 'n gedig oproep nie. Reve vind dit egter goed om die maagd Maria in 'n roman soos Een Circusjongen (11) te assosieer met koningin Juliana, waarmee die "grote Vorstin" van sy geloof meteens die komiese statigheid van 'n gesellige tante of deftige huismoeder aanneem.

Een van die belangrikste tegnieke wat Reve gebruik om sy eie mitologiese wêreld te dekonstrueer, is die gebruik van plegstatige, argaïese frases, waarby die argaïsme of seremoniële beskrywingstoon doelbewus oordryf word. Die doel hiervan is dikwels om 'n uiters ongerymde kombinasie te maak van verhewe uitdrukkings en "lae", banale, soms ook seksueel-skokkende gedagtes. Reve is voortdurend besig om retoriese konvensies uit die verlede uit hulle oorspronklike verband te ruk.

Hierdie bekende "Reviaanse" styl wat die lagspiere prikkel en wat selfs in die mees gewyde momente van sy verhale 'n dissonante, terglustige element kan invoer, hang saam met 'n ander aspek van die Revisme wat vermeld moet word, naamlik Reve se ambivalente en inderdaad treiterende opstelling teenoor die modernisering van Nederland na die Tweede Wêreldoorlog. Met die woord "modernisering" word hier veral bedoel die algemene gerigtheid op 'n progressiewe vooruitgang van die sosiaal-ekonomiese en kulturele stelsel van Nederland na die einde van die oorlog.

Gerard Reve kan enersyds – of in sekere opsigte – juis 'n gangmaker van die na-oorlogse kulturele modernisering van Nederland genoem word.

Weens die ontwapenende humorsin waarmee hy onderwerpe behandel het wat vroeër taboe was of slegs op bedekte wyse behandel kon word in ernstige Nederlandse literatuur – soos homo-erotiek en veral sado-masochisme – en

weens sy oënskynlik godslasterlike of perverse, maar hoogs amusante en terselfdertyd nogal ootmoedige spel met die tradisionele denkbeelde van die Christelike geloof, het hy byvoorbeeld 'n onmiskenbare bydrae gelewer tot die ontwikkeling van groter ruimdenkendheid en kulturele verdraagsaamheid in Nederland.

Reve het die inhibisies van 'n ouer geslag doelbewus uitgetart, ondergrawe en uitgebuit vir humoristiese effek, maar met soveel styl as skrywer dat hy veral vanaf die sestigerjare steeds meer bewonderaars na sy publikasies kon aantrek. Die Revisme het gaandeweg so bekend en gewild geword as literêre variant dat dit vandag waarskynlik byna onmoontlik is om 'n ontwikkelde leser in Nederland meer te "choqueer" met dergelike leesstof.

'n Mens sou dit ook kon stel dat die Revisme as literêre variant 'n bepaalde smaak vereis, en dat die kritiek en lesers in die algemeen hierdie smaak aangeleer het deur gaandeweg bepaalde kiesheidsgrense te deurkruis. 'n Vergelyking tussen die resepsie van Reve se werk in die veertigerjare en in die sestigerjare toon duidelik hoe die aanvaarding van sy werk saamgeval het met 'n algemene ontwikkeling van die smaak en relativiseringsvermoë van die lesende publiek.

Reve het ook bygedra tot die vernuwing van die kulturele klimaat van Nederland – of tot die bekendmaking van 'n nuwe mentaliteit onder die naoorlogse geslag van kunstenaars – deur 'n spesiale variasie van die eksistensialistiese literatuur in Nederlands te begin skryf. Met "eksistensialistiese literatuur" word hier bedoel literatuur wat geassosieer kan word met "a philosophy that emphasizes the uniqueness and isolation of the individual experience in a hostile or indifferent universe" soos The American Heritage Dictionary of the English Language dit stel. [\(12\)](#)

Fyodor Dostojewski se latere werk word beskou as die voorloper van dié soort teks in die negentiende eeu, terwyl Franz Kafka hierdie soort roman met sy swart, ironiese humor en sy uitbeelding van die eensaamheid, frustrasie en kloustrofobiese ang van 'n individu sonder vat op die bestaan waarin hy geworpe is, tot 'n hoogtepunt voer in die twintigerjare van die twintigste eeu. Sowat vyf jaar voor die publikasie van Reve se De Avonden in 1947 verskyn in Frankryk romans van Albert Camus waarin die absurditeit van die menslike kondisie uitgebeeld word, asook 'n filosofiese studie van Jean Paul Sartre waarin Sartre die term eksistensialisme vir die eerste keer munt en die idee uitwerk dat die mens se soektog na 'n rasonale basis vir sy bestaan 'n "vrugtelose passie" is.

Hoewel Reve se werk moeilik ingepas kan word in enige skool, en daar na my wete nie sprake was van 'n bewuste navolging van 'n opkomende mode in die Franse literatuur nie, word veral die aanvanklike ontwikkelingsfase van die Revisme nietemin gekenmerk deur verskeie "eksistensialistiese" trekke. Daar is in De Avonden byvoorbeeld duidelik sprake van 'n vervreemde anti-held onderhewig aan psigiese lyding, gekwelde drome en 'n verval in irrasionele en selfs waansinnige gedrag, enigermate soos in Dostojewski se roman Notas uit

die ondergrondse van 1864.

Vanaf Reve se vroegste werk beeld hy tewens die bestaan uit van "l'étranger" (in die sin waarin Camus die term gebruik), of die ontwrigte "outsider". Die uitbeelding neem die vorm aan van 'n kwasi-outobiografie of kwasi-biografie, soos waar die skrywer Frits van Egters as selfvermomming gebruik in *De Avonden*. Die melankoliese gevoelens van sinloosheid en absurditeit wat hierdie personasie oorheers, oormerk *De Avonden* feitlik as eksistensialistiese roman.

Die tipies-Revistiese houding van "l'enfant terrible" – die aandrang op die waarheid en egtheid van individuele ervaring en die proklamasie van dringende bestaansnood in die vorm van 'n protesterende "kinderagtigheid" of "studentikoosheid" wat niks en niemand ontsien nie – vind in veral die eerste fase van Reve se werk ook direk aansluiting by die eksistensialistiese skool. Dit klop veral met die opvattinge van Sartre waarvolgens die mens 'n persoonlike, outentieke bestaan moet skep deur te rebelleer teen gesag en teen die skynvaliditeit van geïnstitusionele waardes.

Ook na die veertiger- en vyftigerjare het Reve se werk – inklusief sy poësie – nooit sy eksistensialistiese toon verloor nie. Die Revisme is ten diepste – of ten minste ten dele – 'n lewensgevoel gekenmerk deur vervreemding, isolasie, melankolie, 'n besef van sinloosheid en absurditeit, en 'n hiperbewustheid van tyd wat verspeel word terwyl dit onherroeplik verbygaan. Lewensangs dus gekombineer met doodsangs.

Teenoor hierdie staat van angs stel Reve in sy latere werk die Revistiese mitologie, 'n eroties-religieuse stelsel wat veral uitblink as ongehoorde waanbeelde. Die angs word as 't ware besweer met haglik-idiosinkratiese middele. Die ikone van Reve se geloof word soms so ambivalent en ridikulisierend behandel in sy werk dat slegs 'n leser met 'n buitengewoon toegeeflike "willing suspension of disbelief" kan aanvaar dat die skrywer werklik ernstig in alles glo, en dat sy geloof hom werklik geestelike geborgenheid bied.

'n Mens vermoed dat "de Drank" groter troos aan Reve as geesverwant van Sartre, Camus en Kafka gebied het as 'n Rooms-Katolisisme waarmee hy by uitstek die draak sou steek: vandaar is alkoholisme dan ook 'n belangrike Revistiese motief.

Terwyl Reve op bogenoemde wyses bygedra het tot die ontwikkeling van 'n moderne kulturele bewussyn in die na-oorlogse Nederland, het hy hom andersyds ook altyd teen die moderniserende mentaliteitsontwikkeling in sy eie land verset.

Een van die gedaantes of ontwikkelingsmoontlikhede van die Revistiese persona is byvoorbeeld die afkeurende, konserwatiewe vooroorlogse homoseksueel wat die deftige "herenliefde" beoefen en met 'n ouderwetse "kroontjespen" skryf. Reve stel hom in bepaalde buie ook graag aan as die



vaderlike, christelik-nasionale "volkschryver" wat die waardes van 'n ouer Nederland verteenwoordig en steun. (Suinigheid en 'n mate van vrekkingheid is een van die eienskappe waarmee Reve hierdie Revistiese gedaante invul.)

Dit is opvallend dat Reve by die Rooms-Katolieke Kerk aansluit in die begin van die sestigerjare wanneer die Nederlandse samelewing juis aan 'n moderniserende sekulariseringsproses onderhewig is. In die sewentigerjare stry Reve se verheerliking van die monargie en sy adorاسie van koningin Juliana weer teen 'n politieke stemming in Nederland wat bepaal word deur progressiewe groeperinge sonder buitengewone hartstog vir die vorstehuis. Dieselfde patroon doen hom voor waar Reve byvoorbeeld 'n gedig soos "Leve Onze Marine" plaas in Nader Tot U: die boek verskyn terwyl die jonger geslag in Nederland steeds meer anti-militaristies word.

Reve begin ook met rassistiese uitsprake in sy werk terwyl die anti-rassisme hoogty vier in Nederland. Hy besoek Suid-Afrika wars van die kulturele boikot gerig teen die apartheidsbewind – en juis tydens die noodtoestand van 1984. Nederland verkeer in dié jare in die nagloed van die sewentigerjare toe die "verbeelding aan de macht" was en reaksionêre waardes die teiken was van 'n progressiewe, sosiaal-kulturele beweging op groot skaal.

Dit is moontlik dat die opsigtige, openbare manifestasies van Reve se sogenaamde konserwatisme – soos sy sirkus-agtige toetrede tot die "Kerk van Rome" na sy opvoeding binne die "Kerk van Moskou" as seun van 'n redakteur van De Waarheid – reklametriuks was wat sensasie moes wek ten behoeve van die verkope van sy boeke. Hierdie insidente kan ook verbind word met 'n soort demonstratiewe ydelheid wat Reve se openbare optredes soms kenmerk, en met die houding van "l'enfant terrible".

Die gedig "Getuigenis" waarna vroeër verwys is, toon egter dat Reve se "ouderwetse konserwatisme" – wat onder andere uiting vind in sy argaïese skryfstyl – ook herlei kan word na sy uitbeelding van eksistensiële angs. Sy sogenaamde reaksionêre houding vloei voort uit 'n voorgestelde oortuiging dat die probleme van die individuele menslike bestaan, soos die ontstellende tekens van verlies, verval en verganklikheid wat elke mens afsonderlik in die gesig staar, nie ondervang kan word deur die optimistiese "sosiale ingenieurswese" van die moderne vooruitgang nie.

Die mistiek en vervoering van die Rooms-Katolieke erediens of die sprokiesagtige seremonies van die monargie is veel beter in staat om die menslike bestaansangs te besweer, om die mens te begogel met 'n skyn van grasie, al moet oorgawe aan die rituele van hierdie ou institusies by "een man met toch een behoorlijke dosis ontwikkeling, intelligentie en gezond verstand" – soos Reve homself omskryf in sy roman Moeder en Zoon – dan ook gepaard gaan met ironiese skepsis en selfs met dawerende lagbuie.

Die beproefde lewenswysshede uit die verlede leef volgens Reve ook nog onder die gewone Nederlandse volk. Daarom sien ons in sy gedig "Getuigenis" hoe hy hom tot die "wijken van het volk" wend om daar begrip en ondersteuning te

soek vir sy eie lewensgevoel. (Hy word weliswaar teleurgestel deur wat die volk "wil" binne die moderne tyd, en hy moet sy persoonlike waarheidsgevoel ten slotte alleen reklameer.)

Getuigenis

Ze willen dat ik schrijf

voor de vooruitgang.

Maar ik kan niet schrijven zoals zij,

al stam ik van hen af.

Ik moet de wijken van het volk in

en mijn oor te luist'ren leggen:

zo hoor je nog eens wat.

Wat wil het volk?

Niet veel goeds, dat is zeker.

Dus ga ik de straat op,

met mijn eigen vaandel

waarop geschreven staat:

Vrijheid! Ziekte! Ouderdom!

Lang leve de Dood!

Die woord "Vrijheid" op Reve se "eigen vaandel" – sien die voorlaaste reël hierbo – verstaan ek in die eksistensialistiese sin waarvolgens die werklikheid van die menslike bestaan in elke individuele mens afsonderlik teruggevind word. Modernisties-utopiese stelsels gerig op 'n kollektiwistiese regulering van die menslike kondisie, soos die Kommunisme, hou derhalwe repressiewe gevolge vir die mens in. Vryheid van die sosiale ingenieurswese van die vooruitgang is nodig vir die individu om homself te kan wees, om 'n outentieke bestaan te kan vind.

"Ziekte" en "Ouderdom", wat aanleiding gee tot "de Dood" – die ander sleutelwoorde in Reve se slagspreuk in "Getuigenis" – is verskriklike maar reële kenmerke van die menslike eksistensie.

Die menslike bestaan kan trouens slegs in sy ware kontoere gesien word wanneer dit vanuit die optiek van die dood beskou word. Daarom is die dood

waarskynlik die sentrale obsessie binne die Revistiese tematologie. Verskeie titels uit Reve se oeuvre toon hoe lank die tema van die dood (of die idee van lewenseinde, ouderdom, noodlottige ramp, ondergang, verganklikheid) inderdaad voortgeleef het in sy werk. Vergelyk *De Avonden* (1947), *De ondergang van de familie Boslowits* (1950), *Op Weg Naar Het Einde* (1963), *Nader tot U* (1966), *Oud en Eenzaam* (1978) en *Het Boek Van Violet en Dood* (1980 en 1996).

Oor die betekenis van die dood-motief in Reve se werk sal ek dieper ingaan in my bespreking van die gedigte "Op mijn ouderdom", "Op Mijn 47ste Verjaardag" en "De Blijde Boodschap" in die volgende afdeling.

Die Revisme kan ten slotte toegelig word met 'n enkele voorbeeld. Die voorbeeld is 'n prosafragment uit *Het boek van het violet en de dood* (die weergawe van 1980). ([13](#))

Gerard Reve skryf in die passasie dat as God self by hom op besoek sou kom – omdat hy uiteindelik daarin geslaag het om die boek te skryf wat alle boeke oorbodig maak – hy Hom (God) soos volg sal toespreek en sal behandel:

"Mijn Heer en mijn God! Geloofd weze Uw Naam tot in alle Eeuwigheid! Ik houd zo verschrikkelijk veel van U zou ik proberen te zeggen, maar halverwege zou ik al in janken uitbarsten, en Hem beginnen te kussen en naar binnen trekken, en na een geweldige klauterpartij om de trap naar het slaapkamertje op te komen, zou ik Hem drie keer achter elkaar langdurig in Zijn Geheime Opening bezitten, en daarna een presenteksemplaar geven, niet gebrocheerd, maar gebonden – niet dat gierige en benauwde – met de opdracht: Voor de Oneindige. Zonder Woorden."

Tipies van die Reviaanse styl van die passasie is die ongerymde en oordrewe gebruik van plegstatische, argaïese frases. Vergelyk "Geloofd weze Uw Naam", "Zijn Geheime Opening", "Voor de Oneindige" ens., wat Reve kombineer met plat uitdrukkings soos "Ik houd zo verschrikkelijk veel van U", of met 'n banaal-burgerlike uitweiding oor die feit dat hy aan God 'n gebonde (hardeband) eksemplaar van sy boek sal gee, omdat hy nie "gierig en benauwd" by hierdie geleentheid wil voorkom nie.

Die Revistiese kwaliteit van die uittreksel is veral geleë in die merkwaardige samebundeling van die volgende sake: religieuse opwinding, (homo)seksuele opwinding, artistieke opwinding (oor die uiteindelik geskrewe boek wat alle ander boeke oorbodig maak), infantiele, jongensagtige opwinding (God word ontvang en holderstebolder soos 'n jong speelmaat met die trap na die slaapkamertjie opgesleur), en kleinburgerlike opwinding by die prysgawe – aan speelkameraad God – van 'n gebonde eerder as 'n slapband-eksemplaar van die volmaakte boek.

Die passasie werk op die lagspiere en op die inhibisies van die leser in. Dit is asof humor – plus die woede van 'n hopelik geskokte leser – meewerk om die

vlam te laat styg, om die passasie te laat leef in die verbeelding.

Terwyl die uitdrukking "Zijn Geheime Opening" as naam vir die sogenaamde liefdesorgaan van God enersyds die toppunt van godslastering genoem sou kon word, is dit belangrik om te beseft dat Reve sy lesers vanaf die begin van die sestigerjare probeer kondisioneer het om 'n verbeeldingsvlug waarin anale seks met God beoefen word, as 'n outentieke vorm van religieuse kommunie of mistiek te aanvaar.

Die Nederlandse Hoge Raad het in 1968 selfs amptelik uitspraak gegee dat die Nederlandse reg nie voorskryf hoe God Hom aan die individuele burger sal openbaar nie, en dat Reve dus onskuldig was op die klag van smalende godslastering wat vanuit die Staten-Generaal geloods is oor passasies in Nader tot U soos die volgende: "En God Zelf zou bij mij langskomen in de gedaante van een éénjarige, muisgrijze Ezel en voor de deur staan en aanbellen en zeggen: "Gerard, dat boek van je - weet je dat Ik bij sommige stukken gehuild heb?""

Dit is dan ook nie verbasend dat die skrywer in die passasie uit Het boek van het violet en de dood drie keer by God ingaan nie: sy infantilisties-homoseksuele geesdrif en oorgawe word met ander woorde met die Bybelse getal drie "geheilig".

Of die leser – en trouens Gerard Reve self – hierdie sublieme onsin werklik ernstig kan opvat, is 'n geheim wat die Revisme nooit finaal prysgee nie. Daar is sprake van 'n absolutisme van die gevoel en die verbeelding wat onderlê word deur 'n deursigtige onsekerheid en beweeglikheid van die rasionele verstand, en deur die skrywer se sin vir die humoristiese kwaliteite van die gewigtige, retoriese taalgebruik waarmee onder meer geloofsake vroeër in Nederlands aangespreek is. 'n Mens sou die Revisme in een opsig byna 'n postmodernistiese spel met die frases van die pre-modernisme kon noem.

---

### **3. Bespreking van vier gedigte**

#### **3.1 Op mijn ouderdom**

Indien ik nog geruime tijd leef, word ik een oud man.

De wanhoop is nog groter geworden, maar veelvuldiger dan ooit

word ik aangezocht inleidingen, lezingen, hallo,

voordrachten uit eigen werk

te komen houden voor inrichtingen van onderwijs.

Om mijn geitestrot hangt de te wijde boord  
van het smetteloze overhemd,  
waarop de das met streepjes.  
Soms, als de saamenkomst, wegens fraai weder,  
in de tuin van de campus wordt gehouden,  
ben ik de enige die het koud krijgt  
en huivert in zijn boers nieuw, duur donkerblauw en aangemeten pak:  
het vuur in mij brandt nog maar laag.  
Een meisje schrijft alles op, en als ik zeg:  
Die en die, die vind ik wel een groot dichter,  
dan schrijft ze neer, in groot en leesbaar schrift:  
"Die en die is een groot dichter".  
Als ik mijn eigen door de Dood naar mij teruggevoerde stem hoor,  
wil ik schreeuwen dat het geen zin heeft nu allen dood zijn,  
en dat ik naar huis wil.  
Maar wie begriipt dat.  
Plotseling staat de wind stil, en is er een schaduw over alles,  
en hijg ik van angst, maar voor wie of wat dan toch, in godsnaam?

'n Kenmerk van Reve se werk wat reeds vanaf sy debuutroman, *De Avonden*, opgeval het, is dat hy enersyds buitengewoon intiem na binne kyk en sy diepste persoonlike gevoelens eerlik blootlê, en andersyds na homself en na die rituele van sy bestaan vanuit 'n bevreemde distansie kyk. So kry 'n mens dan 'n kombinasie van belydenis en selfspot, ook spot met die hele beklemmende werklikheid buite homself waaraan hy uitgelewer voel.

Met "persoonlike gevoelens" word veral bedoel Reve se lewensgevoel, die manier waarop hy sy bestaan as mens aanvoel. Soos vermeld in die vorige afdeling, is Reve in een opsig deel van 'n geslag of klas van skrywers wat met die eksistensie-filosofie geassosieer kan word. Dié skrywers het uitdrukking gegee aan die manier waarop hulle hul eie bestaan ervaar het, aan die innerlike sensasies – byvoorbeeld gevoelens van sinloosheid en weersin – wat hulle

oorval het as hulle bewus geword het van die bestaan waarin hulle geworpe was.

In "Op mijn ouderdom" bely Reve byvoorbeeld sy ou, konstante lewensgevoel van "wanhoop" en "angs", en maak hy 'n somber vooruitskouing van hoe sy lewe waarskynlik as bejaarde digter sal verloop. Hy sal 'n digter wees wat volgens alle tekens met sy een voet in die graf staan, maar wat nog deur naïewe opvoeders met kultuur op die hart na "inrigtingen van onderwijs" uitgenooi word.

Die prent wat hy skilder, is terselfdertyd 'n lagwekkende voorstelling waarin hyself figureer as die tragi-komiese, horingoue nar geklee in die standaardmondering van die fatsoenlike ouderdom: "Om mijn geitestrot hangt de te wijde boord / van het smetteloze overhemd, / waarop de das met streepjes. / Mijn gelaat is een varkenslederen masker. / Soms, als de samenkomst, wegens fraai weder, / in de tuin van de campus wordt gehouden, / ben ik de enige die het koud krijgt / en huivert in zijn boers nieuw, duur donkerblauw en aangemeten pak".

Reve stel homself in die gedig voor as die digter met 'n kinderlike ydelheid oor sy eie pennevrugte ("hallo / voordrachten uit eigen werk"), as die ouderwetse "volkschrijver" (hij word "veelvuldiger dan ooit / aangezocht inleidingen, lezingen, hallo, / voordrachten uit eigen werk / te komen houden voor inrigtingen van onderwijs") en ten diepste as die eensame, vervreemde man met 'n sterk, haas spirituele aanvoeling vir die bedreigende, futiele en banale kwaliteite van die bestaan wat hom omring. Hierdie elemente van selfrepresentasie vorm alles deel van die bekende Revistiese resep.

Die verwysing na die Dood (gespel met 'n hoofletter) introduceer 'n terugkerende figuur of element binne die Revistiese wêreld. Die Dood is letterlik die finale Niks wat alles relativeer, alles bedreig: in die eerste instansie natuurlik die bestaan van Gerard Reve self, wat hom voorstel hoe hy in sy ouderdom nog vir oulaas "aangezocht" sal word deur "inrigtingen van onderwijs", vir oulaas as sogenaamde outoriteit op die gebied van literatuur noulettend gevolg en aangehaal sal word deur 'n ywerige student of joernaliste, terwyl sy aftakeling en naderende lewenseinde duidelik van sy voorkoms afgelees kan word.

Maar die Dood verteenwoordig ook 'n perspektief, dis 'n spirituele posisie waarvandaan daar gekyk word. Hoe ouer Reve word, hoe nader aan die Dood sal hy wees, en hierdie posisie binne trefafstand (en hoor-afstand) van die Dood sal sy blik, sy besef van wat sy bestaan behels, beïnvloed. Die bevreemde, relaterende, "swart" kyk op die situasie wat Reve hier in sy verbeelding opbou, is die perspektief vanuit die dood. "Als ik mijn eigen door de Dood naar mijn teruggevoerde stem hoor" – met ander woorde as ek vanuit die perspektief van die dood afstand kry op my eie stem – sê Reve, sal ek wil skreeu, sal ek nie wil voortgaan met die spotterny waarin my bestaan as "bekende ouer digter" verval het nie, sal ek wil huis toe gaan ...

'n Aantal tipiese humoristiese effekte in Reve se werk kan in "Op mijn ouderdom" teruggevind word.

Ten eerste is daar die koddig-swaarwigtige, die vreemd uitgesponne en die soms oordrewe "keurige" of skoolmeesteragtige formulerings wat 'n mens verras laat lag, byvoorbeeld "Indien ik nog geruime tijd leef, word ik een oud man", of "Een meisje schrijft alles op, en als ik zeg: / Die en die, die vind ik wel een groot dichter, / dan schrijft zij neer, in groot en leesbaar schrift: / "Die en die is een groot dichter."" Reve toon hom voortdurend bewus van die komiese vreemdheid van gevestigde uitdrukkings; hy speel voortdurend met retoriese stelwyses.

Ten tweede is daar 'n amusante en geamuseerde – maar terselfdertyd beklemmende – kyk op die clichés en die standaard-situasies van die tradisionele Nederlandse kultuurlewe. Die gedig beeld die "lezing" of "voordracht uit eigen werk" by 'n "inrichting van onderwijs", die naarstige ywer van die meisie wat alles neerskryf, die deftige nuwe pak wat die digter se verweerde ou liggaam sleg pas en die moontlike samekoms in die kil tuin van die Kampus, as iets lagwekkends maar ook as iets huiweringwekkends en banaals uit.

Ten derde is daar die interessante slot, wat die gedig nie toelaat om op 'n swaar, gedrae noot te eindig nie maar juis met 'n vraag wat alles relativeer. Die reël "Plotseling staat de wind stil, en is er een schaduw over alles" is kenmerkend van die meer tradisionele, simbolistiese gedig wat die dood as ernstige, onheilspellende tema het.

Dan volg egter die vraag "ik hijg van angst, maar voor wie of wat dan toch, in godsnaam?". Die gedig eindig dus onverwags op 'n plat, nugter, droë toon. Die digter distansieer hom ten slotte van sy angs, van die sogenaamde Dood, van sy simbolistiese beeld, in 'n sekere sin van die poësie self. Die poësie as somber-estetiese pose, as gevleuelde vervoering, word ter elfder ure van die hand gewys. Reve skryf byna 'n soort anti-poësie in die sin dat hy ook in die geval van liriese tradisies 'n sekere ironiese afstand van sy medium kultiveer.

### **3.2 Gedicht Voor Mijn 47ste Verjaardag**

De dag zelf vreemd en grijs. De dag erna

zes zwanen zeilend tot de voetbrug

waar ik met gulle hand het feestgebak te water werp

dat niemand gisteren door zijn strot heeft kunnen krijgen

en dat de vogels evenmin begeren:

hun koninklijke halzen buigen niet

terwyl het ongewone voedsel zinkt.

Die ouderdom van sewe-en-veertig kan in 'n swarmoedige luim geïnterpreteer word as "die begin van die einde" van 'n man se lewe. Die middeljare is al goed onderweg, daar is min rede om gelukkig te voel omdat jy so gevorderd van jare geword het, van vooruitsigte op onder meer liefde en seks is daar oënskynlik nie veel sprake meer nie. Op die keper beskou, is 'n man op sewe-en-veertig al reeds 'n monster van vroeë bejaardheid. Dit, altans, is die gevoel wat tot uitdrukking kom in Reve se "Gedicht Voor Mijn 47ste Verjaardag."

In sy geleentheidsgedig verbind Reve sy bedrukte gevoel oor sy eie sewe-en-veertigste verjaardag met die atmosfeer van die Nederlandse landskap. Die natuur- en stadsbeeld beur hom alles behalwe op: "de dag zelf vreemd en grijs". Die grys lugte en die eienaardige, onbehaaglike atmosfeer wat oor alles hang, is dus vergelykbaar met sy eie grysheid en sy eie vreemdheid as iemand wat sewe-en-veertig jaar oud geword het.

Die digter probeer op die dag na sy verjaardag nog met rojale gebaar, met 'n sekere rituele statigheid soos 'n hoogheid wat iets aan mindere volk uitdeel, van die "feesgebak" van sy verjaardagpartytjie ontslae raak by die voetbrug. Sy waardigheid as ouer heerskap sou miskien kon blyk "waar ik met gulle hand het feestgebak te water werp". (Miskien sou dit selfs kon help om op hierdie laat lewensstadium en in dié vorm sy "brood op die water te werp", soos die Bybelse interteks hier fluister.) Maar die swane wys die gebaar met 'n eie, onverskillige koninklikheid van die hand. Die "ongewone voedsel" afkomstig van die onaptylike verjaardag wat 'n mens op ouderdom sewe-en-veertig vier, interesseer hulle kennelik nie, sodat dit sonder verdere seremonie in die water wegsink.

Reve se kenmerkende gevoelens van lewensweersin, van angs vir die ouderdom en die naderende dood en van beklemming binne die Nederlandse burgerlike ruimte (hier verteenwoordig deur die grys lugte, die voetbrug en die geïmpliseerde grag of kanaal, die swane en die verjaardagpartytjie self) kom in die gedig tot uitdrukking, asook sy gebruik om oor te gaan in bedrukte selfrelativering of selfspot.

Terselfdertyd is die gedig ook 'n grap, 'n ironiese spel en 'n artistieke komposisie waarin ouderwetse, sierlik-elegiese elemente verbind word met 'n moderne soort melankolie, 'n "eksistensiële" lewenswalging. Die gedig verras 'n mens uit die staanspoor: dis 'n merkwaardige afwyking van die tradisionele verjaardaggedig wat vir 'n ander persoon as die self geskryf is en normaalweg gekenmerk word deur 'n komplimentêre en/of bemoedigende toon.

### **3.3 De Blijde Boodschap**

Ik zat met kloppend hart voor de kleurentelevisie,

en dacht: "Zijne Heiligheid zal toch wel gewag maken



van het toenemend verval der zeden?"

En ja hoor, nauwelijks was hij begonnen, of ik hoorde al:

decadentia, immorale, multi phyl ti corti rocci;

influenza filmi i cinema bestiale

contra sacrissima matrimoniacale

criminale atheistarum rerum novarum,

(et cum spiritu tuo), cortomo:

nix aan de handa.\*

Het was jammer, dat het zo kort duurde.

Maar toen het uit was, was er fijne muziek van het leger.

Ik vind dit leven al geweldig. En straks nog

het eeuwig leven in de Hemel. Je vraagt je wel eens af:

"Waar hebben wij het aan verdiend?"

\*"potjieslatyn":

dekadensie, immoraliteit, veels te veel kort rokkies

invloed van films in die beesagtige bioskope

(gerig) teen die heiligheid van die huwelik

kriminele ateïsme van die nuwe dinge

en met u gees (priesterlike seëngroet), kortom:

"niks aan de hand" (niks besonders nie)

In "De Blijde Boodschap" kry ons 'n goeie voorbeeld van die oneerbiedige, "choquerende" manier waarop Reve soms met sy posisie as lidmaat van die Rooms-Katolieke Kerk omspring.

Die pous is miskien op besoek aan Nederland. Of meer waarskynlik nog: sy jaarlikse Paasrede voor die St. Pieterskerk word weereens in Nederland gebeeldsend. Hy gaan altans oor die televisie praat. En die digter se hart word met kloppende afwagting gevul deur die kans dat hierdie argaïese eminensie dalk oudergewoonte in Latyn oor die "toenemende verval der zeden" gaan

uitwei in die moderne, sekulêre huiskamer. So 'n gewyde poppespel vol verruklike clichés in 'n land waar Latyn vir die meeste mense die taal van heilige onwesenlikhede is, beleef 'n mens nie aldag voor die kleurtelevisie nie!

Die woord "kleurtelevisie" gee enersyds aan hoe die digter hom gaan verlustig: hy gaan alles in kleur en geur inneem. Andersyds is dit 'n woord wat herinner aan die moderne burgerlike samelewing waarin die pous opdaag en waarin Gerard Reve hom aanhoor. Die digter verkneukel hom in die ironiese spektakel van "Zijne Heiligheid" se deklamatoriese predikasie in die hedendaagse, profane huishouding, waar mense se lewens om die kleurtelevisie wentel.

Die slotstrofe dui aan dat Reve die beloftes van die Kerk in verband met "het eeuwig leven in de Hemel" met meer as net 'n knippie sout neem. Hy gee hom wel graag, kinderlik – al is dit met 'n sekere skeptiese gevoel vir humor – óór aan 'n opwelling van geloof en hemelverwagting, ondersteun deur "fijne muziek van het leger".

Veral die uitdrukking "Ik vind dit leven al geweldig" drup van ironie en selfs sarkasme, sodat die hele slotstrofe die indruk laat van iemand wat in werklikheid wrang voel oor die menslike lewe en oor die beloftes van die Kerk. Die vermelding dat juis weermagnusiek die eteriese vervoering van die digter prikkel, is ook nie so onskuldig nie. Dit tart die anti-militarisme in Nederland en herinner die Reve-spesialis aan die skrywer se spesiale "dekadent-romantiese" belangstelling in mariniers en matrose. Die leser sou ook vir 'n oomblik kon dink aan Groucho Marx se uitspraak dat "military music is to music what military justice is to justice": dit is 'n vreemde religieuse sfeer wat deur militêre musiek gekomplimenteer word.

Die digter geniet die gedrae skouspel, die absurde maar pakkende teater wat die lewe soms aanbied: juis in dié sin geniet hy die pous se optrede en vind (hy) "dit leven al geweldig." Maar of "het eeuwig leven in de Hemel" vir Reve dieselfde onverdiende beloning as die televisieprogram sal inhou, naamlik om onverbeterlike vermaak te verskaf, is iets waaroor die leser van "De Blijde Boodschap" maar net sy kop kan skud.

Die konvensioneel-Christelike vraag aan die slot, "Waar hebben wij het aan verdiend?", is as vertoning van Reve se vroomheid dan ook allermins oortuigend. Dit voer eerder die moedswilligheid en die wrang toon van sy gedig tot 'n hoogtepunt.

'n Mens kan die ouderwetse, konserwatiewe, moraliserende heer wat Reve soms graag as kunstenaarspersona speel, ook in "Die Blijde Boodschap" terugvind. Die digter wag met kloppende hart op die pous om die "verval der zeden" uit te spel, bang dat die voorspelbare moralistiese clichés dalk agterweë sal bly. Hy luister met graagte na die tradisionele musiek van die weermagorkes, en hy eindig sy kontemplasie aan die slot met 'n cliché van die tradisionele Christendom. Dat hierdie pose gelaai is met ironie en wrang spot, blyk uit die insinuasie vervat in die slotreël. Eintlik sê die digter: wat het ons as

mense gedoen om so 'n banale spektakel, so 'n absurde lewe, te verdien?

'n Belangrike onderdeel van die Revistiese resep is 'n terglustige spel met ou linguistiese en retoriese tradisies. Reve se gedigte word enersyds op allerlei maniere retories verswaar, sodat hulle na fatsoenlike ouderwetse gedigte kan lyk: byvoorbeeld die gebruik van hoofletters in die titels. Andersyds is hulle juis anti-gedigte, soos vroeër betoog, gedigte wat uit prosa-sinne opgebou is en met allerlei konvensies van die digkuns die draak steek. Hier sien ons hoe die digter hom verlustig in die gedrae tone van die pous se Latyn, hoe hy hom verkneukel in die swaar klanke van 'n pouslike sedeles, terwyl daar terselfdertyd deur die "potjieslatyn" gespot en gespeel word met hierdie soort kerklike retoriek.

### **3.4 Een Jongen**

Hij is mooi in zijn grijze broek.

Hij klimt in lantarenpalen en bomen

in de hoop dat iemand kijkt.

Ik kijk, elke dag, vele malen, lang achtereen,

geknield achter de voordeur van mijn late huis,

en tuur door de liefdesperiskoop van het smalle deurvizier,

mijn gelaat tot veilige onzichtbaarheid schuw afgewend.

Hoe oud is hij? Hoe mag hij heten?

Gaat hij iets leren? Blijft hij in het dorp?

Wie kiest zijn kleren?

Hoe oud was hij, toen voor het eerst

een man begerend naar hem keek?

En hoeveel mannen zoals ik hebben sindsdien,

achter een deur of raam, geknield naar hem gekeken

en, zich beroerend, te vergeefs gezocht

de nutteloze liefdesdorst al plengende te lessen?

In "Een Jongen" het ons duidelik te doen met 'n homoseksuele gedig, boonop met 'n pedofiele gedig aangesien dit 'n erotiese loflied is op 'n opgeskote seun

se aanloklike "skoonheid": "hij is mooi in zijn grijze broek". Die feit dat dit nog 'n jong, onskuldige kind is, totaal onbewus van sy rol as liefdes- en seksobjek, word beklemtoon deur die reël "Hij klimt in lantarenpalen en bomen". Die reël wat daarop volg, "in de hoop dat iemand kijkt", is kennelik onsin, of die begeertevolle waan van die "ik" wat so meegevoer is dat hy hom verbeel dat die seun hom met die tartende ydelheid van 'n wulpse skoonheid gedra. Of eintlik is dit normaal dat 'n seun met kinderlike trots en vertoonsug teen lamppale en bome sal opklouter: die vervorming is geleë in die erotiese interpretasie wat die "ik" aan die seun se spel gee.

Die hele gedig is as 't ware skreiend in sy onwettigheid en immoraliteit, en hierdie situasie word in die gedig self duidelik gemaak deur die feit dat die bewonderaar, die smagtende minnaar, agter sy eie voordeur kniel sodat hy die voorwerp van sy begeerte in die geheim deur die sleutelgat kan afloer. Die "ik" is dus 'n voyeur, 'n afloerder by sy pedofilie en homoseksualisme. Om die kroon te span, besondig hy hom ten slotte aan masturbasie agter die voordeur. Die "ik" is 'n "oude viezerik", 'n "dirty old man", en "Een Jongen" is eintlik 'n gruwelike travestie of verwording van die tradisionele liefdesgedig.

Dat dit om 'n ouer man gaan, en dat hy sy perverse skunnigheid vir die wêreld moet verberg, blyk uit die reëls: "... geknielend achter de voordeur van mijn late huis, / en tuur door de liefdesperiskoop van het smalle deurvizier, / mijn gelaat tot veilige onzichtbaarheid schuw afgewend". Dit is dus 'n huis van die "ik" se latere leeftyd, en hy bedryf sy pedofiele belangstellings sku en in "veilige onsigbaarheid".

Ten spyte van die sedelike besware wat 'n mens sou kon opper, is "Een Jongen" ook 'n tipies-Revistiese gedig met die sjarmes wat 'n mens met hierdie literêre variant assosieer. Die "oude viezerik" is trouens een van die bekende gedaantes waarin Reve hom in sy kwasi-outobiografiese tekste presenteer.

Die bekoring van "Een Jongen" is gedeeltelik geleë in die ontwapenend-eerlike liefdesuiting van die verloopte ou homoseksueel, pedofiel en gluurder. Maar belangrik is ook die esteties-kostelike manier waarop alles vergoeilik, verheerlik, selfs religieus ingekleur word.

Ten eerste slaan die stem van die ouderwets-vaderlike, besorgde Gerard Reve deur in die reëls "Hoe oud is hij? Hoe mag hij heten?/ Gaat hij iets leren? Blijft hij in het dorp? / Wie kiest zijn kleren?" Dit klink byna asof die knielende afloerder agter die voordeur hom besorg afvra of die skoolseun met die grys broek darem goed versorg word, of hy liefdevolle ouers het, of daar vir sy studie en opvoeding behoorlik voorsiening gemaak word. En hierdie besorgde vrae is ook wel deel van die spreker se koesterende gevoel teenoor die seun, al is dié gevoel vermeng met erotiese jaloesie en met begeerte om die seun te identifiseer en na sy adres te volg. Die jaloerse, agtervolgende trek in die vrae van die "ik" kom tot uitdrukking in reëls soos: "Blijft hij in het dorp? / Gaat hij iets leren? / Wie kiest zijn kleren? / Hoe oud was hij, toen voor het eerst / een

man begerend naar hem keek?

Ten tweede sou 'n mens daarop kan wys dat die "ik" hom darem keurig weerhou van werklike kontakte met die seun. Reve noem sy eie afwykende voorkeure by geleentheid sy "zondige, tegennatuurlike liefde". En wat 'n mens hier aantref, is die nogal simpatie-wekkende belydenis van 'n pedofiel en homoseksueel wat vertel hoe hy – en ander manne soos hy – hulle vreemde liefdesverlange uitleef, verskuil agter die voordeur van 'n huis van hulle latere leeftyd. Die Revistiese gestalte presenteer homself hier as 'n bepaalde soort "arme sondaar", eensaam en gegrepe deur 'n "zondige, tegennatuurlike liefde", maar een stap verwyder van 'n onverantwoordelike daad.

Die derde en belangrikste manier waarop die betoog vergoelike en selfs verheilig word, is die gewyde taal waarmee Reve alles formuleer. Die digter stel die situasie voor asof dit vir hom 'n sakrale betekenis het, asof hy juis in hierdie onheilige opset die sfeer van die heilige en goddelike nader.

Enersyds wek hierdie anomalie, hierdie verbintenis van die pervers-lae en die sakraal-hoë, 'n komiese effek. Andersyds is Reve blykbaar doodernstig: hy glo blykbaar werklik dat hierdie ongehoorde, verborge opwinding, verlange en liefde 'n religieuse betekenis het. Die Revisme – Reve se manier van skryf – dra byna altyd so 'n ambivalente gevoel oor.

Die mees opvallende effek in bogenoemde verband is die manier waarop die kniel-gebaar ontwikkel word in die gedig. Die "ik" kniel om die jong seun deur die sleutelgat te kan afloer, maar hy kniel ook ten einde op hierdie manier "biddend" tot die seun as heilige liefdesvoorwerp te nader. Die slotreëls beklemtoon die dubbele betekenis van die kniel-gebaar: "hoeveel mannen zoals ik hebben sindsdien, / achter een deur of raam, gekniel na hem gekeken / en, zich beroerend, te vergeefs gezocht / de nutteloze liefdesdorst al plengende te lessen?"

Die verfraaiing en veredeling van die begrip masturbasie deur dit "zich beroerend" te noem, berei die verheiliging van die saadstorting met behulp van die woord "plengende" voor. Die woord "plengen" verwys na die uitstort van wyn of kosbare olie by ou godsdienstige rituele. Al stort hierdie "vieze oude mannen" hulle saad "nutteloos" uit, al dors hulle "te vergeefs" na liefde weens die "zondige, tegennatuurlike" aard van hulle begeertes, het hulle ekstase nietemin 'n sakrale kwaliteit. Hulle "pleng" hulle liefdesvog met dieselfde oorgawe en toewyding van liggaam en siel as waarop enige ander minnaar hom kan roem.

Terwyl dit enersyds duidelik is dat Reve in "Een Jongen" simpatie-wekkend, veredelend en komies-relativerend oor pedofiel-homoseksuele afloerdery skryf, moet 'n mens andersyds besef dat hy ook besig is om op 'n soort terroristiese manier om te gaan met bepaalde konvensies van die Nederlandse taal en literatuur. 'n Gedig soos "Een jongen" introduceer 'n vorm van erotiek en van erotiese representasie in 'n kultuur wat nog wel grense stel wat hierdie sake betref, veral in soverre dit om pedofiele belangstellings gaan. Reve rig

hom in sy werk trouens uitdruklik en by voorkeur tot 'n publiek – die Christelike lesers en die eenvoudige mense in die "wijken van het volk" – onder wie 'n gedig soos "Een jongen" as ernstige provokasie ervaar sou kon word.

Die aggressiewe, donker beweging van die Revisme kom in die geval van "Een Jongen" daarop neer dat Reve uitdrukkings en stelwyses wat vir sedelik-aanvaarbare liefdes- en religieuse poësie gereserveer en geapproprieer is, gebruik vir doeleindes waarvoor dit uitgereken nie bedoel is nie. Daar is iets demonies in verband met die Revistiese humor in die geval van hierdie gedig. Reve dring as 't ware gesanktifiseerde taalkonstruksies binne met onduidbare seksuele referensies as "dinamiet".

Die aggressiwiteit van die Revisme hou moontlik verband met die rol wat Gerard Reve as die toonaangewende homoseksuele skrywer in die na-oorlogse periode in Nederland gespeel het. Die homoseksueel staan in 'n potensieel antagonistiese verhouding tot die taal en die skrifuur van die taal; 'n simboliese orde wat by 'n vernaamlik heteroseksuele gemeenskap aangepas is. Daarom miskien tref 'n mens dikwels eksperimentele, a-tipiese, provokatiewe kuns by homoseksuele kunstenaars aan. Anders gestel: dit kan dalk interessante resultate oplewer as 'n mens die Revisme vanuit die kultuurfilosofiese perspektief van Michel Foucault sou bestudeer, 'n taak wat na my wete nog op die Reve-kunde wag.

Universiteit van Stellenbosch

## **Bibliografie**

Anbeek, Ton. 1989. "Bougainville van F. Springer". In Lexicon van literaire werke, April.

Bergh, H. van den. 1973. "Humor als noodprong." In Klaus Beekman en Mia Meijer. Kort Revier. Amsterdam.

Britz, E.C. 1986. "Inleiding." In Reve, Gerard. De Avonden. Literatuur van die Lae Lande reeks. Pretoria/Kaapstad: Academica.

Evert, Peet. 1985. De mythe van M.: Gerard Reve en de maagd Maria. Baarn: De Prom.

Fekkes, Jan (samesteller). 1968. De god van je tante ofwel het Ezelproces van Gerard Kornelis van het Reve. Een documentaire. Amsterdam: De Arbeiderspers.

Fens, Kees. 1967. "Verzen en liederen." In Fens, Kees. Loodlijnen. Amsterdam.

Hubregtse, Sjaak. 1983. Tussen chaos en orde, essays over het werk van Gerard Reve. Amsterdam: Loeb.

Internet. 1999. "Gerard Reve" bespreek op SchrijversNet

Internet. 1999. "Gerard Reve" bespreek op BiblioWeb

Internet. 1999. "Gerard Reve" bespreek op Cicero (Nederlands).

Internet. 1999. REVEBASE.EXE

Komrij, Gerrit. 1984. De Nederlandse poëzie van de negentiende en twintigste eeuw in duizend en enige gedichten. Amsterdam: Bert Bakker.

Kummer, E. en Verhaar, H. 1976. Over De Avonden. Synthese-reeks. Amsterdam.

Meijer, Josine W.L. 1980. "God is de Liefde." In Tirade jaargang 26. Maart/April.

Melissen, Sipko. 1983. "Gerard Reve." In Kritisch literair lexicon nummer 9, Februarië.

Morris, William (red.) 1996. The American Heritage Dictionary of the English Language. Derde hersiene uitgawe. Boston: Houghton Mifflin Company.

Plomp, Hans. 1969. "Melancholia, chaos en angst." In Van het Reve-nummer van Dialoog.

Reve, Gerard. 1975. Een Circusjongen. Amsterdam: Athenaeum-Polak & Van Gennep.

Reve, Gerard. 1979. Een eigen huis. Amsterdam/Brussel: Elsevier Manteau.

Reve, Gerard. 1980. Het boek van het violet en de dood. Amsterdam: Elsevier.

Reve, Gerard. 1980. Moeder en Zoon. Amsterdam/Brussel: Elsevier/Manteau.

Reve, Gerard. 1981. Archief Reve deel 1: 1931-1960. Baarn: De Prom/Ambo.

Reve, Gerard. 1982. Archief Reve deel 2: 1961-1980. Baarn: De Prom./Ambo.

Reve, Gerard. 1984. Schoon schip 1945-1984. Amsterdam: Manteau.

Reve, Gerard. 1987. Verzamelde gedichten. Amsterdam: G.A. van Oorschot.

Reve, Gerard. 1996. Het Boek van Violet en Dood. Amsterdam/Antwerpen: Veen.

Reve, Gerard Kornelis van het. 1963. Op Weg Naar Het Einde. Amsterdam: G.A. van Oorschot.

Reve, Gerard Kornelis van het. 1966. Nader tot U. Amsterdam: G.A. van Oorschot.

Reve, Gerard K. van het. 1940. Terugkeer. Uitgegeef op eie koste, sonder uitgewer. Herdruk in Archief Reve deel 1 (1931-1960). Baarn: De Prom.

Reve, G.K. van het. 1965. Gezicht op Kerstmis en andere geestelike liederen. Verskyn onder beheer van Gerard Reve, sonder 'n uitgewer. Heruitgegeef as Reve, Gerard Kornelis van het. Gezicht op kerstmis en andere geestelike liederen. Amsterdam: Hijgh en Van Ditmar 1998.

Reve, G.K. van het. 1965. Zes gedichten. Amsterdam: Polak & Van Genneep.

Reve, Simon van het. 1947. De Avonden: een winterverhaal. Amsterdam: De Bezige Bij.

Snapper, Johan. 1990. De spiegel der verlossing in het werk van Gerard Reve. Utrecht: Veen.

Warren, Hans. 1987. De spiegel van de Nederlandse poëzie: dichters van de twintigste eeuw. Amsterdam: Meulenhoff.

---

(1) Sien Warren, Hans. De spiegel van de Nederlandse poëzie: dichters van de twintigste eeuw. Amsterdam: Meulenhoff 1987: 296-298. Die vyf gedigte van Gerard Reve word in alle uitgawes van die bloemlesing teruggevind.

(2) Sien Komrij, Gerrit. De Nederlandse poëzie van de negentiende en twintigste eeu in duizend en enige gedichten. Amsterdam: Bert Bakker 1984. Geen uitgawe bevat gedigte van Gerard Reve nie.

(3) Sien byvoorbeeld die manier waarop Ton Anbeek na 'n bepaalde styleffek in F. Springer se werk verwys in Anbeek, Ton, "Bougainville van F. Springer." In Lexicon van literaire werke, April 1989: 6: "Het is in dit verband opmerkelyk dat ook Tommie het vlak voor zijn dood nog heeft over "Grote Dingen zoals een Beter Wereld" (p9.) De reviaanse hoofletters ironiseren al dat gesprekstema ..." (my kursivering).

(4) Sien Reve, Gerard. Verzamelde gedichten. Amsterdam: G.A. van Oorschot 1987: 125.

Getuigenis



Ze willen dat ik schrijf  
voor de vooruitgang.  
Maar ik kan niet schrijven zoals zij,  
al stam ik van hen af.  
Ik moet de wijken van het volk in  
en mijn oor te luist'ren leggen:  
zo hoor je nog eens wat.  
Wat wil het volk?  
Niet veel goeds, dat is zeker.  
Dus ga ik de straat op,  
met mijn eigen vaandel  
waarop geschreven staat:  
Vrijheid! Ziekte! Ouderdom!  
Lang leve de Dood!

(5) Reeds na die publikasie van sy versameling briewe *Op Weg Naar Het Einde* in 1963 wys Reve sy lesers en kritici daarop dat sy werk "ongeveer op de grens tussen de Romantiek en de Dekadentie" geposisioneer moet word. (*Op Weg Naar Het Einde* verskyn onder die outeursnaam Gerard Kornelis van het Reve by G.A. van Oorschot in Amsterdam.) Hoewel 'n mens hierdie selfkategorisering of "selfperiodisering" van Gerard Reve met 'n knippie sout moet neem – en jy sy werk met goeie argumente byvoorbeeld ook "ongeveer op die grens tussen die Eksistensialisme en die Postmodernisme" sou kon plaas – kan sommige tekste van die skrywer inderdaad met die romantiek en die dekadensie geassosieer word.

(6) Sien Reve, *Simon van het. De Avonden : een winterverhaal*. Amsterdam: De Bezige Bij 1947.

(7) Dit is moontlik dat gedigte opgeneem in bibliofiele of ander spesiale uitgawes van Gerard Reve se werk my kon ontgaan het, maar ek kon die volgende nege digbundels of bundels met gedigte naspour (die uitgawes word chronologies gelys):

1940 *Terugkeer* (jeuggedigte onder die outeursnaam Gerard K. van het Reve). Hierdie digbundel is Gerard Reve se feitelike debuut en is uitgegee op eie

koste, sonder 'n uitgewer. Terugkeer is herdruk in Archief Reve deel 1 (1931-1960). Baarn: De Prom 1981.

1965 Gezicht op Kerstmis en andere geestelike liederen (gedigte onder die outeursnaam G.K. van het Reve). Die uitgawe verskyn onder eie beheer van Gerard Reve, sonder 'n uitgewer. Heruitgegee in 1998 as Reve, Gerard Kornelis van het. Gezicht op kerstmis en andere geestelike liederen. Amsterdam: Hijgh en Van Ditmar.

1965 Zes gedichten (onder die outeursnaam G.K. van het Reve). Amsterdam: Polak & Van Genneep.

1966 Nader tot U (briewe en gedigte onder die outeursnaam naam Gerard Kornelis van het Reve). Amsterdam: G.A. van Oorschot.

1979 Een eigen huis (verhale, gedigte en essays). Amsterdam/Brussel: Elsevier Manteau.

1981 Archief Reve deel 1: 1931-1960 (verhale, gedigte, briewe, essays). Baarn: De Prom/Ambo.

1982 Archief Reve deel 2: 1961-1980 (verhale, gedigte, briewe, essays). Baarn: De Prom/Ambo.

1984 Schoon schip 1945-1984 (gedigte, verhale, briewe, essays). Amsterdam: Manteau.

1987 Verzamelde gedichten. Amsterdam: G.A. van Oorschot.

[\(8\)](#) Sipko Melissen lys in die sekondêre bibliografie by sy studie van Gerard Reve in Kritisch literair lexicon nommer 9 (Februarie 1983: C-F) byvoorbeeld slegs een studie wat spesiaal aan Reve se verse aandag gee, naamlik Kees Fens se "Verzen en liederen" in Fens, Kees. Loodlijnen. Amsterdam 1967.

[\(9\)](#) Sien Hubregtse, Sjaak (samesteller). Tussen chaos en orde, essays over het werk van Gerard Reve. Amsterdam: Loeb 1983. (Tweede, vermeerderde druk) Hierdie boek bevat spesifieke studies van die Revisme deur onder meer Johann P. Snapper en Duco van Weerlee, hoewel ander studies, byvoorbeeld Jürgen Hillner se beskouing van Reve se sogenaamde romantiese dekadentisme, ook direk of indirek oor die onderwerp handel. Onder die talle studies wat insig verleen in aspekte van die Revisme tel verder Hans Plomp se opstel "Melancholia, chaos en angst" in die Van het Reve-nommer van Dialoog (1969), H. van den Bergh se "Humor als noodsprong" (in Klaus Beekman en Mia Meijer se Kort Revier, Amsterdam 1973: 31-34) en Josine W.L. Meijer se "God is de Liefde" in Tirade Jaargang 26 (Maart/April 1980: 207-220). Oor die rol van die maagd Maria in die Revistiese mitologie kan 'n mens lees: Evert, Peet. De mythe van M.: Gerard Reve en de maagd Maria. Baarn: De Prom 1985. Insiggewend is ook Snapper, Johan. De spiegel der verlossing in het werk van Gerard Reve. Utrecht: Veen 1990. Omdat die sogenaamde

"ezelproces" van Gerard Reve – die hofsak weens beweerde godslastering wat in 1966 teen die skrywer aanhangig gemaak is – geleentheid gebied het om Reve se persoonlike, eroties-religieuse mitologie onder die soeklig te plaas, is die boek wat Jan Fekkes oor die aangeleentheid saamgestel het, ook belangrik om te lees. Sien Fekkes, Jan (samesteller). De god van je tante ofwel het Ezelproces van Gerard Kornelis van het Reve. Een documentaire. Amsterdam: De Arbeiderspers 1968. Afgesien van die BNTL, wat met behulp van die Internet geraadpleeg kan word, kan inligting oor die Revisme as sodanig of oor die talle spesiale uitgawes gewy aan Gerard Reve gevind word op die webblaaie van organisasies soos die SchrijversNet, die BiblioWeb of Cicero (Nederlands op Internet). Daar is selfs 'n spesiale webblad gewy aan Gerard Reve waar 'n databasis wat met Windows 95 of 98 werk – REVEBASE.EXE – afgelaai kan word. Op hierdie webblaaie word 'n mens gelei na die Revekrant, die studie van E. Kummer en H. Verhaar van De Avonden in die Synthesereeks (Amsterdam 1976), die Bulkboek Special in 1992, die Reve-jaarboek in vier dele uitgegee van 1983 tot 1988 deur Reflex/De Prom te Baarn, die spesiale uitgawes oor Gerard Reve van tydskrifte soos Tirade in 1983 (Tirade nommer 27) en Bzzlletin in 1989 (Bzzlletin nommer 19), en so verder voorts. Die Suid-Afrikaanse uitgawe van De Avonden met 'n inleiding van E.C. Britz (Literatuur van die Lae Lande reeks, Pretoria/Kaapstad: Academica 1986: 5-35) bevat ook 'n uitvoerige omskrywing van die Revisme.

[\(10\)](#) Dergelike verwysings na gedroomde geslagsgemeenskap met Maria kom byvoorbeeld voor aan die einde van Reve, Gerard. Moeder en Zoon. Amsterdam/Brussel: Elsevier/Manteau 1980. Reve het hierdie drome geïnterpreteer as simbolies van sy wedergeboorte, hoewel die interpretasie dat die geheim van die onbevleete ontvangenis deur die drome opgeklaar word, ook deur homself versprei is. Die voortdurende mutasie van die Maria-figuur in die Revistiese mitologie word o.m. deur die volgende gedig geïllustreer. Maria is hier die ouer vrou wat 'n jong, moederlose soldaat in die liefde inwy. Sy muteer dus tot 'n variasie van die "heilige hoer":

Sacrament

In stormachtig visioen zag ik des nachts

hoe de Moeder van God, altijd Maagd,

in het veld zich ontblootte en zich gaf

aan een jonge Soldaat die eenzaam was zonder moeder

en het nog nooit gedaan had bovendien:

hij was verlegen en onbeholpen, maar Zij,

de Verloste, Verheerlijkte, voor eeuwig Gekroonde,

wees hem met veel takt de weg

door het blonde struikgewas naar haar diepe grot.

Ik hoorde hoe hij hijgde toen Zij sprak:

"Je mag Mij best hier bijten,"

en aan zijn tere jongensmond Haar harde meisjesborsten bood.

Hij dronk tot bloedens toe.

Het was zo lief, zoals hij bij Haar lag

en zij hem wiegde.

[\(11\)](#) Sien Reve, Gerard. Een Circusjongen. Amsterdam: Athenaeum-Polak & Van Gennep 1975.

[\(12\)](#) Sien Morris, William (red.) The American Heritage Dictionary of the English Language. Derde hersiene uitgawe. Boston: Houghton Mifflin Company 1996.

[\(13\)](#) Sien Reve, Gerard. Het boek van het violet en de dood. Amsterdam: Elsevier 1980. Sien ook Reve, Gerard. Het Boek van Violet en Dood. Amsterdam/Antwerpen: Veen 1996. Hierdie boek, Gerard Reve se "definitiewe" roman wat alle ander boeke sogenaamd oorbodig maak, is vanaf die sewentigerjare gereeld in sy werk in die vooruitsig gestel. In 1980 verskyn dit onder die titel Het boek van het violet en de dood by Elsevier in Amsterdam in 'n oplaë van driehonderd eksimplare. Die 1980-weergawe word die eerste hoofstuk van die roman Moeder en Zoon. Amsterdam/Brussel: Elsevier/Manteau 1980. In 1996 verskyn die voltooide weergawe onder die titel Het Boek van Violet en Dood by uitgewery Veen in Amsterdam/Antwerpen.

[Elektroniese weergawes  
van T.N&A](#)

[Kontaknommers](#)

[Algemeen](#)

[Riglyne vir  
outeurs](#)

[Bo](#)

# Terug na die plaas - postkoloniale herskrywing in Etienne Van Heerden se Die Stoetmeester

- Herman Wasserman -

---

## Abstract

This article discusses aspects of the novel *Die Stoetmeester* (1993) by Etienne van Heerden within the tradition of the farm novel in Afrikaans. The novel is read within the framework of postcolonial theory as a text that writes back to the discourse of Afrikaner nationalism as found in earlier farm novels. However, it is argued that this writing back does not take place in the form of a strict opposition to the past, but rather in the form of a postcolonialism that cannot be separated from the traditional discourse. Thus it is argued that the writing back to the discourse is bound up in a simultaneous though paradoxical act of allegiance to the past, so that the past is not completely rejected even as it is being rewritten.

"Iets het oor die gesig van die geskiedenis geskuif; 'n skaduwee só dwingend dat, as ons terugkyk op ons verlede, dit ineens anders lyk. Ons verlede word nou dag ná dag herskryf. Die geskiedenis is in die greep van die onverwagte hede, die onvoorspelbare toekoms (Van Heerden 1993: 269)."

## 1. Inleiding

Die nou reeds bekende uitspraak van Salman Rushdie soos deur Bill Ashcroft, Gareth Griffiths en Helen Tiffin (1994) van toepassing gemaak is op postkoloniale kritiek, naamlik "The Empire Writes Back with a Vengeance", verwys gewoonlik na appropriasie van die koloniseerder se taal as daad van postkoloniale protes.

Volgens Ashcroft et al. (1994: 5) kan postkoloniale diskoers verdeel word in fases: tydens die eerste fase word tekste geproduseer deur verteenwoordigers van die imperiale instansie, soos amptenare of reisigers. In dié tekste word die sentrum altyd bevoorreg en die marge beskryf in terme van die afwesigheid van die sentrum se kenmerke. In 'n volgende fase word literatuur geskryf deur inheemse inwoners in die taal van die koloniseerder en onder sy goedkeuring en beheer. Sulke tekste dien as teken dat die skrywer deelgenoot geword het van 'n bevoorregte klas en vanweë die beheer deur die imperiale instansie is die geleentheid tot subversie van die sentrum min. Later eers skryf die gekoloniseerdes "terug" na die imperiale instansie, maar nou as selfstandige,

mondige subversiewes wat kritiek lewer teen die sentrum en sy gesag ondermyn. Dit geskied steeds in die taal van die oorheersers, maar nou is die taal volledig deur die voormalige onderdrukte deur komplekse prosesse toegeëien en aangepas om die nuwe omgewing te verwoord. Tot laasgenoemde stadium behoort die groot hoeveelheid voorbeelde wat aangetoon kan word van herskrywings van werke uit die Westerse kanon, waarvan Shakespeare se *The Tempest* 'n bekende geval is. Hierdie herskrywing moes wys dat "(t)he colonized laid claim to the right of speech by (...) a flagrant contravention of colonial cultural rules, a wrenching of dominant assumptions" (Boehmer 1995: 205). In die proses is 'n normatiewe konsep van wat as "korrekte" of "standaard" taal beskou is, verwerp en is daar van hierdie veronderstelde standaard afgewyk deur die gebruik van vorme wat as dialekte of marginale variante beskou is (Ashcroft 1998: 5).

In Afrikaans gebeur so 'n postkoloniale terugskrywing ook op verskeie plekke, waar daar teruggeskryf word na die kanon wat geassosieer is met apartheid se koloniale onderdrukking. Hierdie proses toon egter in verskeie opsigte verskille met die proses wat oor die algemeen in (post)koloniale diskoersteorie aangedui word. Terwyl apartheid in Suid-Afrika as 'n soort koloniale bestel gesien kan word, kan die term postkolonialisme soos dit in Europese teoretisering bestaan nie sonder meer oorgeneem kan word en van toepassing op die Suid-Afrikaanse situasie gemaak kan word nie, soos Viljoen (1996: 162) aantoon. 'n Postkolonialistiese lees van tekste sal die heterogeniteit van die Suid-Afrikaanse situasie in ag moet neem. Daar is ten opsigte van Suid-Afrika sprake van verskeie stadia of vorme van postkolonialisme. So sou die Afrikaner-nasionalisme selfs postkoloniaal genoem kon word omdat dit 'n verzet teen Britse imperiale bewind was. Hierdie postkoloniale reaksie hou verband met die vestiging van die koloniale bestel van apartheid. Nuansering is dus noodsaaklik wanneer daar van koloniseerder en gekoloniseerde gepraat word in die konteks van die Suid-Afrikaanse letterkunde.

Die manier waarop die terugskrywing teen die koloniale bestel van apartheid in Afrikaans plaasgevind het, verskil ook van die postkoloniale appropriëring en terugskrywing soos vervat in die uitspraak van Rushdie. Die rede hiervoor is dat die grense tussen onderdrukker en onderdrukte nie direk korreleer met taal soos by ander koloniale gemeenskappe nie. Afrikaans is gepraat deur sowel koloniseerder as gekoloniseerde binne die apartheidskonteks, hoewel daar tog ruimte was vir 'n mate van appropriasie van die taal deur nie-standaardtaalsprekers. 'n Belangrike verskil was egter dat die appropriasie van taal ook gedoen is vanuit 'n bevoorregte posisie in die dominante Afrikaanse literêre diskoers, dit wil sê vanuit 'n posisie geassosieer met koloniale mag. Brink beskryf dit as volg:

Hier geskied dekolonisering met ander woorde nie net binne daardie gedeelte van die bevolking wat hulle taal as 't ware "terugneem" van 'n oorheersers nie: vanuit 'n posisie van sosiopolitieke bevoorregting word hier aktief empatie met die gekoloniseerde gedemonstreer. Hier is dan sprake van 'n proses wat weerskante toe werk – en wat bowendien nie sonder meer oor en weer

"appropriëer" nie, maar ook oor en weer begin deel en gee (1991: 7).

'n Monolitiese groepering van Afrikaanssprekendes is dus onmoontlik, so ook 'n eenvoudige omskrywing van postkolonialiteit. Die postkoloniale terugskrywing in Afrikaans vertoon daarom nie alleen 'n woede of weersin nie, maar ook 'n sekere verbondenheid aan dit waarteen in opstand gekom word. Viljoen (1996: 167) verwys in hierdie opsig na die gay Afrikaanse literatuur, wat ook nie bloot 'n stellinginname teenoor die verlede is nie, maar gewikkel is in die "paradoksale emosies van deernis én afkeer". John (1996: 14) verwys na hierdie tweeledige verhouding tot die verlede sowel as die inkorporasie van swart Afrikaanse skrywers binne die hegemoniese literêre sisteem as "a principle of distributed dis- and re-affiliation, with the primary aim of dismantling the cultural and discursive bases on which the discourses of apartheid and nationalism were erected and maintained. At the same time these oppositional impulses co-exist and coincide with more positive, affirmative tendencies".

Die genre van die plaasroman is 'n voorbeeld van 'n manier waarop die postkoloniale terugskrywing in Afrikaans plaasvind. Terwyl daar reeds vanaf die sestigerjare binne hierdie genre 'n reaksie plaasvind op veral die ideologie van Afrikaner-nasionalisme, word daar steeds binne hierdie tradisie gebly en word die konvensies van die vroeë plaasromans eerder verruim as wat daar afstand van geneem word. Vanweë hierdie paradoksale "dis- and re-affiliation" binne die tradisie van die plaasroman is dit wenslik om eerder te praat van 'n herskrywing van die plaasroman as 'n terugskrywing – die genre word verruim en getransformeer as 't ware sameswerend, van binne af. Hierdie ondermyning van die opposisies van apartheid van binne af uit, kom ooreen met wat Mishra en Hodge (1994: 286) 'n "complicit postcolonialism", oftewel 'n medepligtige postkolonialisme noem. Terwyl daar geprotesteer word teen die ideologiese aannames van die verlede binne die vroeë plaasromans, vertoon die tekstuele herbesoek aan die plaas ook 'n verbondenheid aan die plaasromantradisie. Sodoende is die "paradoksale emosies van deernis én afkeer" ook in die plaasroman van die negentigerjare te sien. 'n Voorbeeld hiervan is Etienne van Heerden se roman Die Stoetmeester.

## **1.1 Die tradisie**

Sekere ooreenstemmende kenmerke kan aangetoon word in bykans alle vroeë Afrikaanse romans wat handel met die plaastematiek en wat veral in die dertigerjare 'n prominente plek in die kanon beklee het. D.F. Malherbe se Die Meulenaar van 1926 word algemeen aanvaar as die eerste plaasroman in Afrikaans, terwyl C.M. van den Heever, Jochem van Bruggen, Johannes van Melle, Mikro en Abraham Jonker as belangrike skrywers van dié romantipe beskou word (J.M. Coetzee 1988: 78). Die opbloeit van die plaasroman rondom die dertigerjare hang saam met die politieke selfbewussyn van die Afrikaner van dié tydperk. Die vroeë Afrikaanse plaasroman vertoon dus dikwels kenmerke wat voortvloei uit die Afrikanernasionalistiese ideologie. In baie Afrikaanse plaasromans van die dertigerjare is die "rasse"-meerderwaardigheid wat 'n dekade of wat daarna in die politiek formele beslag

gevind het in die Nasionale Party se apartheidsbeleid, byvoorbeeld reeds merkbaar. Die Depressie van die dertigerjare, die sogenaamde "armblanke"-verskynsel, die industrialisering en gepaardgaande vervreemding tussen die "uitgeboerde" boer - wat sy heil in die stede gaan soek het - en sy arbeid, sulke en soortgelyke historiese gebeure het meegebring dat 'n bepaalde ideologie sy beslag in die Afrikaanse plaasroman van dié tydperk gevind het. Die kenmerkende aspekte van die plaasroman soos die belang van arbeid, die stryd teen en afhanklikheid van die natuur, die onderdanige posisie van die vrou, die verhouding plaas teenoor stad, genealogiese opvolging, die behoud van tradisie, godsdienstvasheid en die stereotipiese uitbeelding of verswyging van swart karakters is dus in die vroeë plaasromans vanuit hierdie ideologiese raamwerk uitgewerk.

Die hantering van al hierdie aspekte het meegewerk om die plaas uit te beeld as die natuurlike milieu van die Afrikaner, die enigste plek waar sy identiteit ten volle tot verwesenliking kom. J.M. Coetzee (1988: 80) wys ook op die verband tussen grondbesit en selfverwesenliking, en dat dit op die plaas is waar ware geluk te vinde is. Die plaasbesitters is uitgebeeld as behorende aan 'n bloedlyn wat teruggestrek het na 'n mitiese gedeelde verlede, en die boere het afstand gedoen van hul individualiteit ten gunste van 'n transindividuele identiteit (J.M. Coetzee 1988: 6). Die vroeë plaasromans in Afrikaans het dus die persepsie geskep dat identiteit gelykstaande is aan grondbesit (Ampie Coetzee 1996: 136).

Hierdie vereenselwiging van identiteit met die plaasruimte is die grondslag vir die voortdurende tekstuele herbesoeke aan die plaasematiek in later jare. Die verhouding van die boer met die grond word in plaasromans soos Toorberg (Van Heerden 1986) geïnterpreteer (vergelyk Ampie Coetzee 1996), maar hierdie verband tussen identiteit en plaasruimte bly steeds teenwoordig in jonger tekste, ook dié wat nie as plaasromans beskryf kan word nie. 'n Reeks voorbeelde hiervan word genoem in Van Heerden se kortverhaal "Gemeenplase" uit Liegfabriek (1988). Selfs in Marlene van Niekerk se roman oor 'n ("armblanke", in die terme van die vroeë plaasromans) stedelike gesin, Triomf, soek die karakters hul identiteit by hul voorgeslagte: "'n Boer bly maar 'n boer. The more things change, the more they stay the same" (1994: 114). In hierdie tekstuele herbesoeke is daar dikwels 'n verbintenis tot die fragmentasie van die subjek wat in die vroeë plaasromans gekonstrueer is. Die herskrywings van die plaasroman is dus eerder 'n versteuring van die veronderstelde eenheid van plaas en identiteit, merkbaar in die prominensie van 'n apokaliptiese motief in hierdie romans (Ampie Coetzee 1996: 128).

Hierdie bewussyn van die plaas is tot op hede te bemark in die Afrikaanse letterkunde en die verhouding tot die plaas word voortdurend ondersoek. In dié opsig is die plaasroman in Afrikaans 'n besondere barometer van die sosiaal-historiese ontwikkeling in Suid-Afrika.

## **1.2 Herskrywing**

Grondliggend aan herskrywings van die plaasroman lê veral 'n ontugtering



met die vroeë plaasromans se ideologie van Afrikaner-nasionalisme en die apartheidsbestel wat later hieruit voortgevloei het. Gevolglik kan baie van die plaasromans ná die sestigerjare gegroepeer word by die groep werke deur die sogenaamde "dissidente skrywers" (vergelyk die gebruik van die term deur Jack Cope 1982: ix) wat sedert die jare sestig kritiek teen apartheid gelewer het. In die romans van die jare sestig tot tagtig is daar sterk in opstand gekom teen die politieke bestel. Die duidelikste wending in die tradisie van die plaasroman kan in die tydperk ná 1960 gesien word, toe skrywers doelbewus met die literêre tradisie gebreek het en meer politieke betrokke geraak het – 'n betrokkenheid wat veral ná 1980 in intensiteit toegeneem het. Ampie Coetzee meen dat hoewel sekere konstante kenmerke deur die jare in plaasromans bemerk kan word, die stelling binne die narratief self deur verskillende sosiale omstandighede verander is: "(I)f there is any development, it should (...) be seen as a continual search for meaning – which shifts every time the social formation changes" (1996: 135).

Van Coller (1995: 26) wys daarop dat die plaasroman in die jare vyftig en sestig eintlik nog net in die vorm van ontspanningsliteratuur bestaan het. Eerste herskrywings van die plaasroman was onder meer Etienne Leroux se Silberstein-trilogie (Sewe dae by die Silbersteins 1962, Een vir Azazel 1964 en Die derde oog 1964), Karel Schoeman se Om te sterwe (1976), Na die geliefde land (1972) en 'n Lug vol helder wolke (1967), Wilma Stockenström se Uitdraai (1976) en Anna M. Louw se Kroniek van Perdepoort (1975). Latere voorbeelde sluit in die werk van André P. Brink, Alexander Strachan, Etienne van Heerden en Eben Venter.

Kenmerkend van die herbesoek aan die plaasromangenre sedert die sestigerjare is veranderde sienings oor die sosiale struktuur, die representasiemoontlikhede van taal en 'n skeptisisme oor die amptelike optekening van historiese gebeure. Sowel tegniese vernuwings as politieke kritiek is in hierdie herskrywings vergestalt. Die teenwoordigheid van politieke aktualiteite in herskrywings in die sestigerjare, 'n teenwoordigheid wat ten spyte van streng sensuurmatreëls in die sewentigerjare nog sterker bepleit is deur onder andere André P. Brink (sien Brink 1985: 107), het veral in die tagtigerjare in voorkoms en felheid skerp toegeneem. Die uitgesproke politieke kommentaar in die letterkunde van die jare tagtig is opgesom deur Leroux (1989: 5): "Tagtig se bowetoon is politieke verset (...) sosio-politieke betrokkenheid het 'n einde gebring aan slegs suiwer vakmanskap."

Die plaasromantradisie is egter ook in die negentigerjare voortgesit, en plaasromans soos Eben Venter se Foxtrot van die Vleiseters (1993) en Van Heerden se Die Stoetmeester (1993) registreer die byna apokaliptiese verwagtinge van die Suid-Afrikaanse samelewing op die vooraand van die eerste demokratiese verkiesing. Ander, soos Karel Schoeman se Hierdie Lewe (1993) en Van Heerden se Kikoejoe (1996) neem weer die verlede in herbeskouing sonder dat 'n sterk politieke bewussyn op die voorgrond gestel word.

In die jare negentig, die tydperk waarin Van Heerden se roman Die

Stoetmeester verskyn, het skrywers die politieke aktualiteit met minder sekerheid begin opteken. Hoewel daar steeds gepoog is om die onregte van die Suid-Afrikaanse politieke bestel aan die kaak te stel, het skrywers nou onder die indruk gekom van 'n post-strukturalistiese siening van die gemedieerdheid van feite. Gevolglik vertoon werk uit dié tydperk 'n "klem op voorlopigheid, subjektiwiteit, die blootlê van die skrywende rol van die verteller-ervaarder" (Van Heerden 1994: 6). Opvallend in plaasromans van hierdie tyd is 'n terugskouings- of terugkeringsmotief. Vernuwings vind ook veral plaas ten opsigte van narratologiese aspekte en die chronologie, terwyl selfreflektiwiteit ook telkens voorkom. 'n Melancholiese gevoel van verlies, vervreemding en afstand sowel as 'n beklemtoning van die kompleksiteit van die sosio-politiese situasie is in hierdie romans te bemerk. Soos reeds hierbo genoem, wys Ampie Coetzee (1996: 137) daarop dat die herbesoek aan die plaas nie bloot nostalgie is nie, maar 'n poging om betekenis terug te vind, om die oorsprong van skuld vas te stel of om genealogiese bande te herstel. Hy opper die moontlikheid dat die herbesoek aan die plaasgegewe dalk juis nie 'n soeke is na identiteit nie, maar eerder 'n aanvaarding van en verbintenis tot die verlies daarvan. Die terugkeer na die plaas in die plaasroman van die jare negentig staan dikwels in die teken van 'n politieke apokalips, en as gevolg van die politiese veranderinge wat die karakters deurmaak, probeer hulle tydens sodanige herbesoeke om óf terug te keer na die idilliese plaas as bron van betekenis óf om opnuut aanspraak te maak op die verlede in 'n poging om onreg reg te stel. Post-strukturalistiese teorieë oor die nie-referensialiteit van taal het ook meegebring dat die "plase" waarna teruggekeer word nie altyd gesien word as "werklike" plase wat êrens buite taal sou bestaan nie, maar juis na talige konstruksies wat deur ideologie beïnvloed is. Van Heerden se kortverhaal "Gemeenplase" kan hier as voorbeeld gelees word van die bewustheid van die talige karakter van plaasvoorstellings. So ook 'n verwysing in byvoorbeeld Venter se Foxtrot van die Vleisetters waar daar na die lug verwys word as 'n "Lug vol Helder Wolke" (1993: 207), 'n intertekstuele verwysing na die gelyknamige roman van Karel Schoeman. Die plaasruimte word deur hierdie intertekstuele verwysings gemaak tot betekenaar tussen ander betekenaars wat gedekonstrueer kan word, wat 'n ontmitologisering van plaasvoorstellings in die vroeë plaasromans moontlik maak. Hierdie verwysings suggereer 'n groter bewustheid in onlangse plaasromans van die tekstuele prosesse waardeur die werklikheid geken word. So 'n bewustheid bring ook 'n kritiese beskouing mee van die magsinstansies wat die diskoers van die vroeë plaasromans gelegitimeer het. Die plaasvoorstellings van die verlede kan derhalwe aan 'n kritiese herbeskouing onderwerp word.

### **1.3 Verwydering en verbondenheid**

As gevolg van 'n poststrukturalistiese twyfel in die vermoë om feite objektief weer te kan gee (vergelyk Viljoen 1993: 2) word daar in die plaasromans van die jare negentig al meer gewys op vergissings, misverstande, vergeetagtigheid en metaforisering in geskiedskrywing. Dit is moontlik juis hierdie besef van voorlopigheid wat aan 'n herskrywing soos Die Stoetmeester die ambivalente gevoel van verbondenheid én afstand verleen. Die verlede soos vervat in die plaasromantradisie word gekritiseer, maar sonder dat so 'n kritiek aanspraak

kan maak op finaliteit van betekenis. Wat Die Stoetmeester as voorbeeld betref, moet ook die verskyningsdatum van die teks in gedagte gehou word. Dit verskyn in 'n interregnum waar die ANC al ontban is, maar 'n nuwe bestel nog nie aangebreek het nie. Tog is daar reeds 'n aanduiding van 'n hibridiese kulturele interaksie van karakters en 'n veelstemmigheid wat volgens Hattingh (1995: 91) 'n aanduiding is van 'n demokratisering van kommunikasie.

Van Heerden se gedigsiklus "Stamme" uit Die Laaste Kreef (1987: 104) verskaf 'n nuttige interteks tot sy plaasromans. In gedig nommer x van hierdie siklus is dit duidelik dat die tradisie as 't ware aan skerwe lê, maar steeds herkenbaar is: "Die Zuurberg is mak geboer,/ die Kakies na hul eiland./ Smuts is uit, Malan is in./Léwe nou Machel en Mandela./By die eerste opstal se murasies/lê skerwe van blou, Delftse vasies". As die spreker daarin egter verklaar: "Ek het ook 'n ploeg en 'n kakiebroek,/ 'n skaar en 'n ánder Afrika", is dit duidelik dat hy nie onkrities staan teenoor die plaastradisie nie, maar dat hy homself nietemin binne hierdie tradisie eerder as daarbuite sien. Hierdie verbondenheid blyk ook uit die verhaal "Gemeenplase": "Die herbesoek word selde 'n aflegging. Eerder 'n bevestiging" (1988: 42). Hierdie intertekste som die houding in Van Heerden se plaasromans op. Terwyl dit duidelik is aan die hantering van kenmerke soos arbeid, die stryd teen en verbondenheid aan die natuur en die plaas as sentrale omgewing dat daar binne die plaasromantradisie gebly word, maak die veranderende omstandighede dit onmoontlik om die tradisie sonder meer voort te sit. Tog vertoon die herskrywing van die plaasroman nie die afstand wat kenmerkend is van postkoloniale terugskrywing nie. Die invertering van die koloniale teks, die versteuring van struktuur met die oogmerk om te verwar, die "noise of voices that resists easy decoding" (Boehmer 1995: 206) en metonimiese gapings wat verskille tussen metropool en marge beklemtoon (Ashcroft et al. 1998: 137), is nie in dieselfde mate teenwoordig nie. Wel sou ooreenkomste aangetoon kon word met tipies postkoloniale terugskrywing wat betref die plasing op die voorgrond van subjekte wat in die koloniale diskoers gemarginaliseer is, sowel as die neiging na mini-narratiewe eerder as 'n oorkoepelende meesternarratief (Boehmer 1995: 206).

Resente herskrywings van die plaasroman sou moontlik nie in die eerste plek as subversief of weerstandig beskou word nie, maar eerder as 'n voortsetting van die romanvorm met totaal hersiene diskursiewe aannames.

Die herskrywing van die Afrikaanse plaasroman word deur Van Coller (1995: 25) beskou as "behorende tot die parodiërende literatuur" waarin deur middel van persiflage op die ouer romans kommentaar gelewer word en as "een van die mees geskikte ideologiese wapens (...) in wat dalk bekend kan staan as die literêre aanslag teen Apartheid" (1995: 31). Terwyl die "light satirical mocking of another's work" (Rose 1993: 68) van persiflage wel soms aanwesig is, is verlies en afskeid ook in 'n "lughartige postmodernistiese collage" (Van Coller 1995: 29) soos Venter se Foxtrot van die Vleisetters teenwoordig. Die onlangse herskrywings van die plaasroman het ook nie altyd ten doel om deur middel van parodie gebreke, foute of gekunsteldheid in die teikenteks spottend te onderstreep (Pretorius 1992: 370) nie, maar eerder om vanuit 'n veranderde

konteks aansluiting te vind by die tradisie. Ironisering in die sin van die verbreking van die leser se verwagtings ten opsigte van die romankodes vind wel in latere plaasromans plaas deurdat die idilliese plaaslewe, die Afrikaner-nasionalistiese waardes en taboes wat in vroeë plaasromans gegeld het, nou opgehef word. Daar is 'n mate van afstand waarneembaar wanneer die plaasverlede waargeneem word, maar daar is ook byna altyd terselfdertyd 'n hunkering na 'n idilliese lewe van weleer te midde van wat gewoonlik 'n onstuimige politieke ontstaanskonteks van die onlangse plaasromans is - terwyl die aannames waarvolgens dié idille in die vroeë plaasromans gekonstrueer is, verwerp word. 'n Onderskeid kan egter getref word tussen plaasromans soos Schoeman se Hierdie Lewe, wat verwys na 'n verre verlede en derhalwe 'n groter mate van nostalgie na 'n plaasidille vertoon, en Van Heerden se Die Stoetmeester wat meer onlangs gesitueer is. Ampie Coetzee druk hierdie verbondenheid van die onlangse plaasromans met die tradisie as volg uit:

(I)t may also be that no rupture with the past has been realised, and that a lineage is still being sought, but within a changed literary mode, from the reflection of "reality" in the past, to a "construction of reality" within words merely as signifiers in the present (1996: 138).

Hierdie hunkering na die plaas, die poging om die plaasgegewe binne sowel 'n veranderde literêre as sosio-politiese tydsgewrig onder nuwe begrippe te berde te bring, slaag nie altyd nie. Die gevolg is veel eerder 'n vervreemding van die plaas en 'n besef dat die verlede nie agterhaal of herhaal kan word nie.

---

## 2. Die Stoetmeester as herskrywing

Van Heerden se roman vertoon ooreenkomste met die vroeë plaasromans wat betref kenmerkende motiewe soos arbeid, natuur en ruimte, die verhouding tussen plaas en stad, patriargie, tradisie en genealogie. Terwyl daar deur die klem op hierdie motiewe bewustelik binne die plaasromantradisie gebly word, word hierdie motiewe ook in belangrike opsigte in so 'n mate anders hanteer dat die plaasromantradisie ingrypend veruim word. So byvoorbeeld geniet die arbeidsmotief nie meer dieselfde belangrikheid in Die Stoetmeester as in 'n vroeë plaasroman soos C.M. van den Heever se Laat Vrugte (1939) nie. In die res van hierdie artikel sal aandag gegee word aan die volgende aspekte: die postkoloniale hantering van die natuur- en plekmotief in Die Stoetmeester, die uitbreiding van die natuurlike omgewing om ook die sosio-politieke ruimte te verbeeld deur byvoorbeeld die spieëling van 'n verwagte apokalips in natuurgebeure en 'n hersiene uitbeelding van "rasse"-verhoudinge in die roman, wat ideologies sterk verskil van die vroeë plaasromans. Terwyl daar in die hantering van al die ander motiewe belangrike herskrywings van die tradisie plaasvind, is dit waarskynlik in die roman se hantering van plek dat die vernaamste vernuwing in die tradisie van die plaasroman in Afrikaans geskied – maar dis juis ook in die hantering van dié motief dat die verbondenheid aan

die tradisie die sterkste blyk.

## 2.1 Plek en Ruimte

Van Heerden se roman verruim die plaasromantradisie onder meer deurdat die begrip "boer" verbreed word om ook stads- en townshipinwoners en plaasarbeiders in te sluit by die uitbeelding van die mens se verhouding tot die natuur. Talle nuwe temas rakende natuurbeelding word ook in *Die Stoetmeester* aangetref. Natuurelemente word uitgebeeld as apokaliptiese boodskappers en die gebruik van die natuur om duidelike sosiale of ideologiese kritiek te lewer, verteenwoordig ook 'n vernuwing in die tradisie. In dié opsig sit Van Heerden die werk voort waarmee hy in sy vroeër plaasroman, *Toorberg*, begin het. Daarin is die natuurbeelding ook as ideologiese instrument gebruik, deur die skuld- en verlossingsmotief te koppel aan natuurelemente soos water.

Die belangrike rol wat die landskap in *Die Stoetmeester* speel, kan onder meer gesien word in terme van die verskil tussen "ruimte" en "plek" soos dit na vore kom in postkoloniale skryfwerk. Plek kan gesien word as 'n konstante troep van verskil in postkoloniale tekste, omdat dit dui op die verskillende ervarings van die koloniseerder en gekoloniseerde. Die taal wat deur die koloniseerder gebruik word om 'n gekoloniseerde gebied uit te druk het dikwels sy oorsprong in 'n leksikon van "leë ruimte" wat verwyderd is van die spesifieke gekoloniseerde gebied. Hierdie taal is nie verbonde aan 'n spesifieke geografiese omgewing nie, maar is sogenaamd "universeel" (Ashcroft et al. 1998: 179). Hierdie veronderstelde universele kennis en waardes het die gekoloniseerde gebiede ook as "leeg" voorgestel, onder meer deur middel van kartografie, voordat hulle deur die koloniseerders "ontdek" is. Wanneer so 'n gebied dan "ontdek" is, is die verskynsels wat daar aangetref is, deur 'n sistematiese benoeming geplaas binne die koloniseerder se linguïstiese en begrippe-raamwerk. Daar kan selfs gepraat word van 'n ekologiese imperialisme in die sin dat die flora, fauna en fisiese karakter van gekoloniseerde gebiede verander word deur die koloniseerder se aandrang op eienaarskap (Ashcroft et al. 1998: 179-183). 'n Gevoel van misplaasheid kan in sulke diskoerse bemerk word, aangesien die koloniseerder se taal nie in staat is om die gekoloniseerde gebied uit te druk nie. Hierdie misplaasheid kan ook deur die gekoloniseerdes ervaar word, omdat die taal waarmee die koloniseerders hul verowerde gebied benoem, nie reg laat geskied aan die gekoloniseerdes se ervaring van die omgewing nie. Die gekoloniseerde inwoners van die land is, ingevolge hierdie konsepsie van die land as "leeg", gesien as deel van die landskap. Die gekoloniseerdes is op dieselfde manier gekatalogiseer as natuurverskynsels, waardeur die kulturele en historiese verskil geëssensialiseer en verbiologiseer is tot die raamwerk van "ras" (Pratt 1992: 32). Die siening van gekoloniseerdes as deel van die landskap het ook gelei tot grootskaalse verswyging van swart karakters in Afrikaanse koloniale tekste, as 'n simptoom van wat J.M Coetzee (met verwysing na die vroeë Suid-Afrikaanse pastorale literatuur) noem 'n "blindness to the colour black" (1988: 5).

Daar sou gesê kon word dat die term "ruimte" in hierdie verband dus dui op die "leë" punt vanwaar die koloniale diskoers die omgewing waarneem, of die geografiese agtergrond waarteen die koloniale diskoers sy teleologiese gang van die geskiedenis projekteer. Wanneer hierdie ruimte egter betekenis verkry deur middel van kulturele inskripsie in die prosesse van benoeming, interpretasie en storievertelling, kan daarna verwys word as "plek" (Carter 1987: xii-xiv). "Plek" kan dus gesien word as 'n ruimte waaraan betekenis toegevoeg is deur 'n verskeidenheid prosesse van menslike interaksie (Viljoen 1999a: 2). Omdat sowel koloniseerder as gekoloniseerde 'n bepaalde ruimte deur verskillende prosesse van benoeming en kulturering tot plek kan verander, verteenwoordig plek 'n troep van konflik in postkoloniale diskoerse. Die verskillende maniere waarop plek ervaar word en die verskillende geskiednisse daarmee verweef, lei tot die produksie van verskillende identiteite by koloniseerder en gekoloniseerde:

(If we see place as not simply a neutral location for the imperial project, we can see how intimately place is involved in the development of identity, how deeply it is involved in history, and how deeply implicated it is in the systems of representation – language, writing and the creative arts – that develop in any society but in colonized societies in particular (Ashcroft et al. 1998: 182)

Die koloniseerder kon deur middel van sy ekonomiese, politieke en militêre mag sy beskouing op plek afdwing, wat veral ingehou het die aanspraak op eienaarskap. Daarenteen kan teenstand egter deur 'n postkoloniale diskoers gebied word teen die koloniseerder se aanspraak op besit, deur sy benoeming van ruimte tot plek te ondermyn. Taal en representasie van 'n bepaalde omgewing word dus van uiterste belang in koloniale magsuitoefening én in postkoloniale verset.

In many respects, the political economy of property is a much less complicated aspect of imperial dominance than the discursive activity of language and writing and its involvement in the concept of place (Ashcroft et al. 1998: 181).

Deur "ruimte" deur 'n ander stel kulturele prosesse tot 'n alternatiewe "plek" te benoem, kan weerstand gebied word teen die kulturele dominasie deur die koloniseerder. Een aspek waar postkoloniale benoemings van plek van koloniale diskoerse kan verskil, is byvoorbeeld die siening dat 'n gebied nie deur mense besit word nie, maar dat mense deur 'n gebied besit word (Ashcroft et al. 1998: 180). In teenstelling tot die imperiale diskoers van eiendomsbesit, verkry 'n bepaalde plek in so 'n postkoloniale diskoers betekenis as 'n uitbreiding van die persoonlike bewussyn. Deur hierdie ervaring van plek te kontrasteer met dié van die koloniseerder, word 'n breuk bewerkstellig met die koloniserende ingesteldheid van kommodifisering van grondgebied. Plek kan ook nie deskriptief uitputtend be-teken word deur taal, asof dit buite taal lê en die waarnemende subjek daarbuite staan nie. Plek en die subjek is nou verweef met mekaar, in 'n voortdurende dialektiek (Viljoen 1999c: 2). In 'n sekere sin bestaan plek slegs in taal:

The theory of place does not propose a simple separation between the "place"

named and described in language, and some "real" place inaccessible to it, but rather indicates that in some sense place is language, something in constant flux, a discourse in progress (Ashcroft et al. 1998: 182)

Die verhouding tot ruimte speel ook 'n belangrike rol in die konstruksie van Afrikaner-identiteit in die Afrikaanse literêre diskoers (Viljoen 1999b: 3). Die landskap is dikwels in Afrikaanse literatuur op ideologiese wyse gebruik om aan te dui dat die landskap slegs na behore in Afrikaans uitgedruk kan word en daarom bewys is van die Afrikaner se natuurlike eienaarskap oor die grond (J.M.Coetzee 1992: 377). Die skakeling tussen die verbondenheid aan die grond en eienaarskap daarvan is ook 'n sentrale deel van spesifiek die plaasromantradisie in Afrikaans. In die vroeë plaasromans, wat deel uitgemaak het van die Afrikanernasionalistiese diskoers in die twintiger- en dertigerjare, is grond 'n sentrale motief. In hierdie romans word die boer uitgedruk as deur sy arbeid onlosmaaklik verbind aan die grond. Die natuur word gesien as 'n metafisiese krag waarmee die boer moet worstel ten einde sy eienaarskap oor die grond te bevestig (vergelyk Wasserman 1997: 14). Elders beskryf J.M. Coetzee (1988: 86) die verbintenis tussen boeregeslagte en die grond waarmee hulle deur hul arbeid verbind is, as 'n huwelik. Coetzee meen (1988: 134) dat hierdie uitbeelding van die boer as verbonde met die grond, spruit uit die Afrikaner se vrees dat hy sy ekonomiese onafhanklikheid en sy kulturele identiteit sal verloor as hy die plaas moet verlaat (vergelyk Schoonees 1939: 310). Die boer se identiteit is slegs te vinde in sy verwantskap met die grond, maar hierdie selfverwerkliking is verbind aan besitterskap. Slegs die grondbesitters is deelagtig aan 'n bepaalde geestelike ervaring van die grond (J.M. Coetzee 1988: 80). Daarom ook dat om "uit te boer" en uiteindelik die plaas te verlaat, 'n eksistensiële krisis vir die boer meebring. Hierdie verhouding van boer met die grond word in 'n hele reeks latere plaasromans geproblematiseer. Hierdie herskrywings vorm ook deel van 'n diskoers oor grondeienaarskap en –restitusie wat in die postapartheid Suid-Afrika aktueel geword het (vergelyk Ampie Coetzee 1996 se bespreking van die plaasroman binne die diskoers van grondregte).

Die herskrywing van hierdie koloniale verhouding tot ruimte, plek en landskap in die Afrikaanse plaasromans soos hierbo genoem, maak deel uit van 'n postkoloniale diskoers waarin Afrikaanssprekendes se identiteit herkonstrueer word. Die ruimtelikheid van ervaring, eerder as die gang van die geskiedenis in 'n "leë" ruimte, word in resente Afrikaanse historiese romans beklemtoon. Dit word gedoen deur die fokus te plaas op onder meer die spesifiekhede van die omgewing, die lokalisering van die geskiedenis en die idee dat die mens deur die grond besit word eerder as dat die mens eiendomsreg het op die grond (vergelyk Viljoen 1999a). Die nuwe identiteit word gevorm deur ruimte opnuut tot plek te benoem, binne 'n nuwe siening van die verhouding tot die grond en die ander bewoners daarvan.

'n Soortgelyke ingesteldheid ten opsigte van besit kan ook bemerk word in die karakters in Die Stoetmeester se ervaring van die natuur as 'n dwingende invloed op hul lewens waarvoor hulle nie beheer het nie. Die natuur in Van Heerden se roman is veel eerder iets waaraan karakters hulle moet onderwerp

as iets wat onderwerp moet word. In die vroeë plaasromans was laasgenoemde ingesteldheid teenoor die natuur dikwels deel van 'n soort Genesis-opdrag binne 'n Calvinistiese werksetiek. Die implikasies wat so 'n onderwerping en kommodifisering van die natuur op die ekologie het, word ook betrek in Die Stoetmeester. Die boere se "ewige stryd teen jakkalse, arende, blouape en stinkmuishonde" word nou bemoeilik deur die werksaamhede van die ekologiese akademici (73). Die ekologiese aspekte van die kommodifisering van die natuur kom ook sterk na vore in die ontdekking van olie op die katedraalplein. Hierdie ekologiese implikasies word geskakel met die politieke implikasies van die gebeurtenis. Vergelyk Seamus se woorde: "(...) noudat ons die begrip ekologie as iets sien wat ook die dwingende stryd om grondbesit en mag oor die aarde insluit (...)" (183). Die priester beskuldig Seamus ook daarvan dat die mens die natuurbelans versteur het (74). Die natuur in Die Stoetmeester is nie meer slegs 'n fisiese omgewing waarvan die mens afhanklik is en hom terselfdertyd moet onderwerp ten einde eiendomsreg te verkry nie, soos in die vroeë plaasromans dikwels die geval was. In die vroeë plaasromans het die natuur wel 'n metafisiese teenwoordigheid gehad in die sin dat dit gesien is as 'n mag, groter as die mens, wat oorwin moet word. Die natuur het in dié romans ook 'n invloed op veral die stemminge van die karakters gehad, maar is nie in dieselfde mate geskakel met ideologiese kwessies of die wêreldbeskouing van die karakters nie. In teenstelling met die opvatting dat die mens die aarde sou besit, is daar dus in Die Stoetmeester 'n persepsie dat die mens deur die aarde besit word. Dit blyk voorts uit die aanduidings dat die mens en natuur in 'n ongewone verhouding tot mekaar staan. Die mens se optrede word as't ware deur die natuur gedikteer. Reeds in die eerste sin van die roman word 'n ongewone verhouding van die mens tot die natuur gesuggereer wat deur die ruimtebeskrywing in die daaropvolgende sinne bevestig word:

Iets het my gewek. Dit kan nie die naggeluide van die hawestad wees nie, want hulle is al só bekend dat hulle 'n soort stilte vorm: die sug van bote aan ankertoue wanneer die inkomende gety hulle onrustig stem; die nagblaf van die vissersbuurt se honde; die sissende aflat van stoom by die kragstasie op Derde Been; en dan, as jy fyn luister: die klief van vinne deur die diepsee, skole vis wat in die maag van die see baljaar, die fluitgeluid wat komete deur die uitspansel maak en die sagte ritseling van 'n roos wat in die tuin oopgaan (1) .

Die verteller se byna mistiese verbinding met die natuur blyk uit die feit dat "iets" hom gewek het, dat 'n onbemoembare en onverklaarbare handeling van die natuur uitgegaan het tot hom. Die beskrywing van die rivier wat voortdurend in die karakters se bewussyn teenwoordig is, sluit ook aan by hierdie mistiese verbinding tussen mens en natuur. Die karakters bly voortdurend van die rivier bewus en lees die tekens van 'n naderende apokalips in die kleur van die rivier af. Die rivier verkry soms 'n bedreigende karakter, soos wanneer dit as "slang" met 'n "reptielagtige kleur" beskryf word (16), en oorskry op oënskynlik magiese wyse die fisiese wette wanneer dit opwaarts vloei (117). Verdere mistiese of magiese aanduidings in die natuurbeelding is die sewe mondings, 'n getal met veral Bybelse (ironies in die lig van die inwoners se beskouing van God as afwesig – vergelyk Hattingh 1995: 89),



maar ook alchemistiese konnotasies (Brewer 1993: 1123).

Die magies-realistiese toonaard van *Die Stoetmeester* verteenwoordig 'n belangrike vernuwing in die plaasromantradisie en sluit aan by die postkolonialiteit van die roman. Volgens Boehmer (1995: 242) dien magiese realisme daartoe om die verdeelde persepsies van postkoloniale kulture te verbeeld, waardeur die koloniale siening van kultuur as iets wat "suiwer" kan wees, ondermyn word. Dit dien ook onder meer as 'n parodiërende terugskrywing na die skryfstyl van die koloniale diskoers, waarin daar op fantasie en oordrywing staatgemaak is om nuwe lande te verwoord. Magiese realisme kan ook die koloniale aannames oor geskiedskrywing in postkoloniale tekste ondermyn. Dit wys naamlik op die voorlopigheid van aannames oor die werklike wat historiese narratiewe van die wêreld ten basis lê (Ashcroft 1996: 196). Dit sou ook 'n duidelike Derde Wêreldse bewussyn kon weerspieël, wat saamhang met die ervaring dat die waarheid so dikwels gemanipuleer is dat dit onmoontlik is om te agterhaal (Rushdie 1991: 301). Magiese realisme werk ook die idee van maklik herwinbare essensies en 'n mimesis van "suiwere" representasie teë. Dit kan dus bepaalde postkoloniale narratiewe uitsluit, soos dié waarin nativisme – die drang om terug te keer na pre-koloniale inheemse tradisies - 'n belangrike onderdeel is (Said 1993: 276). Magiese realisme sou volgens hierdie siening van Said dus eerder tuishoort by 'n medepligtige as 'n opposisionele postkolonialisme (Mishra en Hodge 1994: 286), waaroor later meer gesê sal word. Die gebruik van magiese realisme in *Die Stoetmeester* kan dus gesien word as deel van 'n postkoloniale terugskrywing na die diskoers van Afrikaner-nasionalisme en sy aannames oor 'n essensialistiese Afrikaner-kultuur.

Ook die aannames van die groot narratief van Afrikanernasionalistiese geskiedenis, waarvan die vroeë plaasromans deel uitmaak, word deur die invoeging van magies-realistiese elemente ondermyn. Die geskiedenis word vertel vanuit 'n mitologiese raamwerk as 'n alternatief tot 'n soewereine rasionaliteit. Ook hier speel die natuurlike omgewing 'n belangrike rol. Vergelyk die mitologie wat rondom die natuur geskep word in die vertellinge oor vlieënde koedoes en rollende jakkalse (4), selfs al word hierdie mitologie erken as 'n fiksionele oorvertelling deur "die ou mense" (4). Ook die geboorte van 'n tweekoppige kalf (6) en die floubokgegewe grens aan die bonatuurlike en is daarom 'n hersiening van die realisme van die vroeë plaasromans. Die magiese natuurbeelding in die roman word soms duidelik geskakel met ideologiekritiek. Die verskyning van 'n meteor laat byvoorbeeld die Butlers se hoofkok uitroep "National liberation! National liberation!" (116) en laat haar liggaam esteties gloei "met die glans van eboniet" in teenstelling met die "sieklieke wit" van die Butlers se velle. Die meteor dien ook dus as teken van die politieke apokalips – vergelyk die beskrywing daarvan as " 'n vuurrooi bal met 'n woedende kop" (116). Kort na die koms van die komeet merk die plaasbewoners dat die rivier "verkeerde kant toe" vloei (117). Ook hierdie bonatuurlike gebeurtenis kan as ideologiekritiek gelees word, want buiten posbusse, lampvale en troeteldiere word die naamborde "met die name van strate wat vernoem is na vergete politici uit die apartheidsera" ook weggespoel. Hierdie natuurgebeurtenis laat Seamus verklaar: "Dis 'n seker teken dat die ou

orde meegee. 'n Nuwe wêreld gaan gebore word" (117). Die wegspoel van die naamborde herinner aan wat Said (1993: 226) noem 'n postkoloniale kartografiese impuls, 'n herbenoeming van gekoloniseerde grondgebied wat volgens hom een van die prominentste dae is van postkoloniale weerstand. Die implikasie in hierdie passasie in *Die Stoetmeester* is ook dat naamsveranderinge deel uitmaak van 'n postkoloniale herbenoeming van ruimte tot plek. Dit blyk later dat die veranderde vloei van die rivier eintlik veroorsaak is deur 'n kerntoets uitgevoer deur die regering. Hierdie feit versterk die ideologiese waarde van die gebeure, aangesien dit dui op die regering wat uit vrees vir Kommunisme selfs bereid is om die natuur te versteur. Daar is dus sprake van 'n wedywering om inskripsie van betekenis op die ruimte ten einde dit tot plek te verander. Enersyds word die betekeniswaardes van bevryding aan die koms van die komeet en die opwaartse vloei van die rivier geheg deur die Butlers se hoofkok en Seamus onderskeidelik. Andersyds is die apartheidsregering self besig om steeds die ruimte met sy eie ideologiese betekenis te inskribeer deur die natuurlike ruimte die kodes te laat dra van die Totale Aanslag. Die uiteindelijke effek van die kerntoets – die wegspoel van die name van die ou orde – ondermyn egter die regering se pogings. Die rivier, as deel van die geografiese omgewing, is derhalwe nie maar net 'n doek waarop die geskiedenis geskilder word soos in die koloniale diskoers nie, maar speel ook 'n bepalende rol in die skep van 'n nuwe, postkoloniale identiteit en geskiedenis (Viljoen 1999a: 3).

Die herinskripsie van die geografiese omgewing in *Die Stoetmeester* met nuwe ideologiese betekenis, bring mee dat die roman gelees kan word in terme van 'n postkoloniale sin van plek. Die suggestie dat die mens deur die natuur besit word en die magiese realisme in die landskapbeelding vorm deel van hierdie herinskripsie van die ruimte met nuwe betekenis. Die sentrale rol van die natuurmotief in Van Heerden se roman sluit dus aan by die belangrikheid van hierdie motief in die vroeë plaasromantradisie. Die veranderde ideologiese betekenis wat aan die natuur geheg word, verteenwoordig terselfdertyd 'n verzet teen die plaasromantradisie se noue verbondenheid met Afrikaner-nasionalisme.

## **2.2 Die plaas en verder: "Rasse"-verhoudinge**

Waar die handeling in die vroeë plaasromans grootliks beperk was tot die plaas, word die milieu in *Die Stoetmeester* verruim om ook die stad in te sluit. Die plaas dien nie meer as veilige omgewing vir 'n Afrikaner-boer om sy ware aard te vind en uit te leef soos in die vroeë plaasromans meesal die geval was nie. Die boer, Seamus, word uitgebeeld as 'n sielkundig onstabiele karakter wat die lewe vanuit 'n buitestaandersposisie ervaar en hom nóg by die plaasboere nóg by die stadsinwoners volkome tuisvoel. Die verteller wys op die "onvermoë om 'n identiteit hier in Afrika te vind" (115) en meen "Ons hele hierwees het nog nie naam gekry nie" (200). Hierdie beheptheid met ontheemding, die ontwikkeling of herwinning van 'n doeltreffende identifiserende verhouding tussen self en plek is tipies van postkoloniale tekste (Ashcroft et al. 1994: 9) en 'n belangrike element van die roman. Dit sluit ook aan by bogenoemde ontugnugtering met die koloniale diskoers van apartheid soos

te sien in die veranderde ervaring van plek. Die landskap is nie meer 'n idilliese, singewende ruimte nie, maar 'n landskap wat deur God as boer verwaarloos is (157), stukkend (94) en deurdrenk is met skuld:

En die groot ontdekking lê nog vir ons voor, dink hy. Dat skuld diep in ons murg sit; dat ons katedrale oprig om ons daarvan te probeer puur, voor terapeute gaan bieg en huil soos kinders, of in geweerlope inkyk om insig in die dood te kry. Skuld is so deel van die Kei soos daardie broodbome en aalwyne en klippe waarby ek verbyry as ek Fata Morgana toe gaan. Dit sal hier wees lank nadat ek weg is (309).

Die feit dat die boer Engelsprekend is, verteenwoordig ook 'n belangrike vernuwing. In die vroeë plaasromans was die boer by uitstek Afrikaans en het sy identiteit as Afrikaner saamgehang met die feit dat hy 'n boer was. Deur hierdie verskuiwing word ook ideologiese kritiek gelewer – die term "boer" met sy Afrikaner-konnotasies ("Boere") word verbreed om ook mense wat afstam van Britse setlaars in te sluit. Daardeur word enersyds geïmpliseer dat alle boere "setlaars" was, met ander woorde besitnemers van grond wat nie oorspronklik aan hulle behoort het nie. Andersyds word ook gewys op die aandadigheid van Engelssprekendes by onreg wat gewoonlik voor die deur van Afrikaanssprekendes gelê word.

Die streng opposisie tussen plaas en stad, kenmerkend van vroeë plaasromans, word ook opgehef. Groot dele verteltyd word afgestaan aan gebeure wat in die stad plaasvind, sowel as aan die uitbeelding van die boer se betrokkenheid by aktiwiteite in die stad, byvoorbeeld as sakeman en as stadsraadslid. Die verbreding van die plaasruimte om ook die stad in te sluit, bring ook mee dat die vroeë plaasromans se verswyging van swart mense opgehef word. Soos hierbo genoem, is swart mense in die vroeë plaasromans in Afrikaans óf gestereotipeer óf verswyg deur hulle as deel van die landskap te beskou. In Die Stoetmeester word die ervarings- en denkwêrelde van die ander van apartheid ook weergegee naas dié van die blanke boerefamilie. Die township as plek geïnskribeer met ideologiese betekenis verkry in die roman gestalte as 'n bepalende invloed op die lewens van die karakters Ayanda, MaNdllovu en Zola. Nietemin word die township-inwoners se kulturele identiteit geplaas binne 'n dinamiese proses, eerder as dat dit op eksotiserende wyse uitgebeeld word as staties of essensialisties. Mpho bied byvoorbeeld weerstand teen die tradisionele besnydenis omdat dit nou binne 'n nuwe konteks – waarbinne vigs 'n gevaar is – plaasvind (97). Die swart karakters oriënteer hulle nie in die eerste plek meer ten opsigte van oorgelewerde gebruike wat tot 'n mate ook gefiksionaliseerde weergawes van hul kultuur is nie. Hulle verkeer ook in 'n dinamiese interaksie met die stedelike omgewing as plek - 'n plek gekenmerk deur taxigeweld (35, 165), spesifieke lewensomstandighede (83, 162) en politieke bedrywighede (253).

Hattingh (1995: 89) wys daarop dat hierdie kulturele meerstemmigheid in die karaktersamestelling en ruimtebeelding in die roman 'n binêre opposisie tussen self en ander teenwerk. Volgens haar dui dit daarop dat daar reeds 'n eie Suid-Afrikaanse identiteit buite die koloniale binariteit aan die ontwikkel is.

Nietemin sou daar egter steeds aangetoon kon word dat die rol van swart mense op die Butlers se plaas beperk is tot die agtergrond, en meesal slegs sigbaar word as funksie van die handeling van die wit plaaseienaars (byvoorbeeld in die voorbereiding van die Butlers se onthaal (6), en in ander huishoudelike take, byvoorbeeld 234, 245, 285, 287). Hierdie marginalisering word egter teengewerk deur die groot aandag wat die karakterisering van die Thandani's geniet.

Daar is dus nie meer sprake van die uitbeelding van 'n parallelle swart leefwêreld wat oënskynlik wel aandag gee aan kulturele verskil maar uiteindelik slegs 'n bevestiging van afsonderlikheid tot gevolg het nie (byvoorbeeld Malherbe se *Die Meulenaar* (1926), vergelyk Botha 1987: 34). In *Die Stoetmeester* vervloei die lewens van wit en swart karakters en vleg dit ineen. Nietemin is die kloue wat apartheid tot stand gebring het tussen mense, steeds merkbaar. Die omgewing in *Die Stoetmeester* kan dus gesien word as 'n palimpsest, met verskillende lae geskiedenis daarop geskryf (Viljoen 1999c: 2). Deel van die herskrywing van die plaasromantradisie in die roman is die bevoorgroting van die verskillende ervarings van plek deur die koloniseerder en gekoloniseerde, in so 'n mate dat daar selfs van verskillende wêreldes sprake is.

## 2.2 'n Bedrieglike landskap

Reeds deur die naamgewing van die Butlers se plaas, *Fata Morgana* (lugspieëling, Brewer 1993: 448), word daar gesuggereer dat die sigbare omgewing nie die enigste een is wat in spel kom nie, maar dat skyn bedrieg. Die uitbeelding van Port Cecil as 'n fiktiewe stad met duidelik herkenbare eienskappe van stede soos Grahamstad en Port Alfred versterk die indruk dat die bekende onbetroubaar is. Daar word voortdurend gewys daarop dat ook die kontinent waarvan hierdie stad deel is, dikwels teenstrydige werklikhede bevat. Vanuit een werklikheid lyk die ander werklikheid byna fiktief:

Port Cecil, 'n stad met soveel aangesigte, soveel buie. (...) (A)s jy op die universiteitskampus beweeg waar sommige dosente nog met togas oor hul skouers klas gee, sou jy nie kon dink dat daar polisiebarakke en weermagkasernes is waar onluspolisie en soldate gereed lê om in tye van opstand met Casspirs en niesmasjiene deur Sun City of Joza te gaan jaag nie (170).

Daar word ook met opset 'n nagebootste Afrikawêreld geskep ter wille van toerisme, soos blyk uit die kleding van hoteldeurwagters (171). Ook die Butlers se seun Cawood werk mee aan die skep van 'n fabelagtige Afrika-beeld en speel in op toeriste se koloniale gevoelens van ontdekking: "Monomotapa. Ontdek Afrika nou" (247). Dié nabootsings staan in skrilte kontras met die ander "werklikhede" wat in die roman weergegee word, naamlik dié van geweld, dwelms, prostitusie en armoede in die stad se agterstrate. Sodoende word die aandag gevestig op die toeristiese fetisjisme van "eksotiese" kenmerke in nie-Westerse kulture (vergelyk Van Niekerk 1996) wat kan dui op 'n soort neo-kolonialisme (Ashcroft et al. 1998: 97). Terselfdertyd toon dit ook

egter dat hierdie essensialistiese onderskeid tussen (toeristiese) sentrum en (eksotiese) marge wel soms aangegryp kan word deur die marge as strategiese middel om anti-koloniale mag uit te oefen (Spivak 1990: 11). Dit neem in die roman die vorm aan van 'n inkomste wat uit Westerse toeriste gegenereer word, al word hierdie toeëiening nog deur die kapitalistiese kragte – grondbesitters en hotelbase – beheer. Die gevolg van bogenoemde problematisering van wat as "ware" ruimte moet geld, is dat 'n essensialistiese Afrika-identiteit telkens uitgestel word. Al word dit soms veronderstel vir toeristiese gewin, toon die roman deur kontrasterende ervarings van plek dat 'n essensialistiese kulturele identiteit nie sonder meer uit die omgewing afgelei kan word nie. Die postkoloniale subjekte verkeer in 'n oneindige dialektiek met hul omgewing: "Om vandag oor ons land te praat, is om 'n bewegende trein te probeer skilder. Só is die Kei" (261).

Hierdie kontraste verteenwoordig weer eens die problematiek van plek in postkoloniale tekste. Afrika as plek – en dan nie meer die Afrika as wildernis wat deur wit boere makgemaak moet word soos grootliks in vroeë plaasromans gevind word nie – word dus in *Die Stoetmeester* geskakeerd en kompleks uitgebeeld. Die postkoloniale soeke na 'n nuwe, inklusiewe identiteit na apartheid vind plaas deur die herskrywing van ruimte tot plek, wat dui op 'n breuk met die Afrikaner-nasionalistiese diskoers van die vroeë plaasromans. Hierdie breuk is egter nie volkome nie. Die ideologiese inskripsie op ruimte soos dit in *Die Stoetmeester* gelees kan word, is meer kompleks en verwickeld as slegs dié van verset soos in die romans van die jare sewentig en tagtig. Die plaas (as singewende plek vir die Afrikaner-boer) en die stad (vereenselwig met die volksvreemde bedreiging van anderstaliges) is in die vroeë Afrikaanse plaasromans teenoor mekaar gestel. Hierdie binêre koppeling van kulturele identiteit en plek, word in *Die Stoetmeester* vervang met 'n postkoloniale hibriditeit waar die klem val op 'n ingewikkelde web van kulturele interaksie (Hattingh 1995: 86).

## **2.4 Herskrywing en verbondenheid**

Die postkoloniale herinskripsie op die plaas- en stadsruimte ten einde dit tot 'n nuwe plek te benoem, geskied in Van Heerden se roman nie binne die raamwerk van 'n duidelike opposisie teenoor die tradisionele diskoers nie. Terwyl die kompleksiteit van die politieke situasie in die interregnum tussen 1990 en 1994 in die roman gestalte kry, vertoon die roman ook op verskeie maniere 'n verbondenheid met die tradisie wat herskryf word.

Die roman wek nie meer soos die protesliteratuur van die tagtigerjare deur herskrywing simpatie op vir die struggle nie, maar wys eerder op die komplekse ideologiese omgewing waarbinne die roman hom afspeel. Terwyl sommige karakters soos Ayanda nog 'n sterk herinnering het aan die geweld onder die noodtoestand (251), het die jonger generasie nie altyd daarvoor begrip nie en word haar generasie uitgekryt as "middelklas-uitverkopers" (251). Ook MaNdlovu roep nog die gruwels van apartheid soos die trekarbeiderstelsel en gedwonge verskuiwings in herinnering (78, 81), maar daar word ook op wanpraktyke in die naam van politieke bevryding gewys

(134). Die belangrikse ideologiese kommentaar wat egter gelewer word, is teen die moontlikheid van definitiewe politieke oplossings. Seamus is sinies oor die "spul politici se geykthede oor "die nuwe Suid-Afrika": nasiewording, nierassigheid, demokrasie" (220) en sy besef dat "die laaste stuiptrekkings van koloniale selfversekerheid" besig is om plaas te vind, word deur die verteller verwoord (305). Die verteller se postmodernistiese twyfel aan taal en talige waarheidsuitsprake sluit hierby aan: hy besef dat waarheid en verdigsel verstrengel raak (316) en dat selfs sy vertelling uit sy hande kan gliip (292). Ayanda besef dat die aanhang van 'n ideologie dikwels gepaard gaan met die prysgawe van menslikheid, soos in haar herinnering aan 'n halssnoermeurd wat sy nie kon voorkom nie: "Waarom word ons vasgevang in kragte wat vir ons te groot is? Wat ons oorrompel en ons agterna verward en verlore laat?" (103). Cawood verwoord egter die ontugtering met ideologie die duidelikste, as hy aan Seamus verduidelik hoe sy geslag se ervaring van voortdurend veranderende ideologieë die aanhang van enige ideologie eindeloos kompliseer:

Nou moet ons hoor dit was als 'n fout (...) Nou moet ons ons vlag bêre en diskielik 'n skande dat ons in Angola geveg het en ons mag nie "Die Stem" sing as die All Blacks hier kom speel nie. Ons moet nou alles sluk en ons suiwer van die indoktrinasië asof niks gebeur het nie. Pa, ons voel niks, maar niks vir politiek nie (202).

Bogenoemde twyfel in finale waarheidsuitsprake en die ontugtering met ideologie dra by daartoe dat die roman 'n uitbeelding is van 'n tussenposisie tussen verlede en toekoms waarin 'n gevoel van postmodernistiese huiwering en postkoloniale onsekerheid oor tuiste oorheers. Die ondermyning van die diskoers van Afrikaner-nasionalisme en apartheid neem nie die vorm aan van direkte opposisie nie, maar eerder deur 'n subversie van die diskoers van binne af. Die roman vertoon naamlik 'n verwickelde ideologiese omgewing, waar verzet teen apartheid gepaard gaan met 'n besef van 'n verbondenheid aan dit waarteen in opstand gekom word. Hoewel die ideologie van apartheid duidelik verwerp word, is 'n strewe na onafhanklikheid of 'n totale breuk met die koloniale diskoers van die verlede onmoontlik. Die verlede is steeds teenwoordig in die hede, en kan dus nie sonder meer geopponeer word nie. Seamus worstel byvoorbeeld met sy pa se nalatenskap van geweld (290, vergelyk Hattingh 1995: 88) en die koloniale Britse tradisies leef steeds voort in die denkpatrone van die boere (soos te bemark in Seamus se toespraak, 184 en die tradisies soos die jakkalsjag, 63). Daar is ook reeds aanduidings dat die swakhede van die vader aan Cawood oorgedra is, wat homself die "derde selfmoord-Butler" (234) noem. Sarah vermoed byvoorbeeld ook dat Cawood aan die "ingee is voor die drifte van die Butlers" (245). Dit is insiggewend dat Seamus se seun Cawood 'n belangrike locus word waar verzet teen die verlede gemanifesteer word. Cawood, hoewel hy die eienskappe van sy vader geërf het, breek aan die einde van die verhaal skynbaar finaal met sy vader wanneer hy hom in die veld rondjaag met sy helikopter (320). Wanneer Cawood agterna toenadering soek, bevestig Seamus hierdie genealogiese breuk: "Jy. Jy het jou moeder gebreek; jy het jou vader verwerp. Jy vliet rond asof jy nie wortels het nie. Ek kap bome soos jy uit my lewe uit (...)" (320). Die genealogiese

opeenvolging, 'n ander belangrike motief in vroeë plaasromans, word ook deur Cawood verbreek aangesien daar gesuggereer word dat hy gay is (158). Cawood se gereelde botsings met sy ouers - wat Seamus tot die gevolgtrekking laat kom dat hy "skuins gebore" is (297) – kan egter nie 'n definitiewe breuk met die verlede bewerkstellig nie. Die patrone van die voorvaders word in hom herhaal, hy kan nie ontsnap aan 'n bepaalde medepligtigheid aan die verlede nie. Vergelyk Sarah se woorde aan Cawood aangaande hierdie erfskuld:

Maar ek as Afrikanervrou weet dat gemoedsrus op hierdie kontinent nie vir jou geslag sal daag nie. Miskien vir jou kleinkinders; dalk is daar vir hulle vryheid. Maar ons is die sondebokke; die offerbokke (125)

Sarah moedig Cawood selfs in haar gedagtes aan om hierdie erfskuld te aanvaar (124). Die verset van Cawood teen die ideologie van die verlede en die botsings met sy ouers, kan gelees word as verteenwoordigend van die jong Afrikanergeslag se verset teen die ideologie van apartheid. Hierdie postkoloniale verset kan egter nie losgemaak word van die verlede nie, aangesien die verset voortvloei uit die koloniale tradisie, as 'n ondermyning wat teenwoordig is in die koloniale diskoers self. Net soos die opstandige seun reeds deel was van die koloniale vader, so word die skuld van die vader steeds oorgedra aan die seun (vergelyk Viljoen 1996 se opmerkings in dié verband ten opsigte van die gay literatuur in Afrikaans). Die verset teen die koloniale binariteit van apartheid kan dus eerder gesien word as dit wat Mishra en Hodge (1994: 286) 'n medepligtige postkolonialisme noem. Medepligtige postkolonialisme is volgens hulle 'n produk van dieselfde prosesse wat kolonialisme gekonstitueer het, maar in plaas van gemerk te wees deur opstand, 'n omkering van die binariteit tussen self en ander en nasionalistiese strewes, is medepligtige postkolonialisme eerder "an always present "underside" within colonialism itself" (1994: 284). Binne so 'n benadering is daar 'n groter kontinuïteit tussen kolonialisme en postkolonialisme, in die sin dat die postkoloniale verset gelees word as voortvloeiend uit kolonialisme, eerder as 'n duidelike onderskeibare teenstand daarteen.

In some ways the postcolonial is really a splinter in the side of the colonial itself and the kinds of rebellion that we find in the postcolonial are not unlike the reactions of the child against the law of the father (1994: 288).

Die verset wat deur Cawood gelewer word teen die koloniale tradisie van sy vader, kan as so 'n medepligtige postkolonialisme gelees word. Van Heerden se roman in die geheel kan egter ook geplaas word binne so 'n raamwerk. Die Stoetmeester verteenwoordig nie 'n duidelike breuk met die plaasromantradisie nie, maar sit dit voort deur die inkorporering van motiewe uit die tradisie. Die fokuspunt is steeds die blanke boer, maar vanuit hierdie punt word daar vertrek op 'n verkenning van 'n komplekser en wyer net verhoudings as in die vroeë plaasromans. Die ideologiese waarde wat in die vroeë plaasromans geheg word aan die onderskeie plaasmotiewe, word in die roman ondermyn, maar sonder dat die breuk met die verlede ooit finaal of volkome is. Hoewel die diskoers van die vroeë plaasromans teengegaan word, kan die verwickeldheid met die tradisie onmoontlik ontken word. Die veranderde hantering van die tipiese

plaasromanmotiewe bring dus nie 'n duidelike teen-antwoord te weeg nie. Daar is eerder 'n huiwering oor die moontlikheid van sluiting en antwoorde, 'n vermyding van 'n eensydige visie en 'n insig in die heterogeniteit en die voorlopigheid van betekening (Hattingh 1995: 92).

Soos hierbo aangetoon, vind die herskrywing van die plaasromantradisie in Die Stoetmeester grootliks plaas deur 'n herinskripsie van kulturele waarde op die ruimte, ten einde die plaasruimte tot 'n nuwe plek te benoem. In hierdie herskrywing is egter 'n dubbelsinnigheid werksaam, waar verskeie "werklikhede" gejuks taponeer word. Hierdie dubbelsinnigheid kan ook teruggevind word in die komplekse posisie wat die roman inneem tussen die verwerping van die ideologie van die verlede en die huiwering of twyfel in die moontlikheid om 'n nuwe ideologiese posisie in te neem, deels as gevolg van die besef van die problematiek verbonde aan die vestiging van betekenis. Binne hierdie postkoloniale terugskryf na die tradisie, is daar egter ook 'n verbondenheid te bemerk aan dit waarteen in opstand gekom word, sodat die land(skap) van die verlede tegelyk heeltemal verlore is maar ook onlosmaaklik deel is van die verteller. Dit is 'n paradoksale verhouding van afkeer en aandadigheid, 'n verbondenheid wat weer eens in 'n natuurbeskrywing te bemerk is:

Besoekers sê altyd vir die mense van die Kei dat hulle obsessief is oor die landskap (...). Maar dit is ál metafoor wat ons ken, want ons is hopeloos daarin vasgevang – van geboorte tot dood. (...) Hier is Satan (...) net so woedend teenwoordig as God (220).

Universiteit van Stellenbosch

## **Bibliografie**

Ashcroft, Bill, Gareth Griffiths en Helen Tiffin. 1994 (1989). *The Empire Writes Back*. London & New York: Routledge.

Ashcroft, Bill. 1996. *Against the Tide of Time: Peter Carey's Interpolation into History*. In: Hawley, John C. (red). 1996. *Writing the Nation: Self and Country in the Post-Colonial Imagination*. Amsterdam: Rodopi. 194-213.

Ashcroft, Bill, Gareth Griffiths en Helen Tiffin. 1998. *Key Concepts in Post-Colonial Studies*. London: Routledge.

Barker, Francis, Peter Hulme en Margaret Iversen. 1992 (1994). *Colonial Discourse/ Postcolonial Theory*. Manchester and New York: Manchester University Press.

Boehmer, Elleke. 1995. *Colonial and Postcolonial Literature*. Oxford and New York: Oxford University Press.



- Brewer. 1993. *The Dictionary of Phrase and Fable*. Hertfordshire: Wordsworth.
- Brink, André P. 1985. *Literatuur in die Strydperk*. Pretoria en Kaapstad: Human & Rousseau.
- Brink, André P. 1991. Op pad na 2000: Afrikaans in 'n (post)koloniale situasie. *Tydskrif vir Letterkunde*. XXIX (4): 1-12.
- Carter, P. 1987. *The Road to Botany Bay*. London: Faber & Faber.
- Carusi, Annamaria. 1989. Post, Post and Post. Or, Where is South African Literature in All This? In: *Ariel* 20(4). 79-95.
- Coetzee, Ampie. 1996. My Birthright gives me a Servitude on this Land: The Farm Novel within the Discourse on Land. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 12 (1/2). Junie : 124 –144.
- Coetzee, J.M. 1988. *White Writing*. New York: Yale.
- Coetzee, J.M. 1992. *Doubling the Point. Essays and Interviews*. (red. David Atwell.) Cambridge, Massachusetts & London, England: Harvard University Press.
- Cope, Jack. 1982. *The Adversary Within- Dissident Writers in Afrikaans*. Cape Town: David Phillip.
- De Kock, Leon. 1993. Postcolonial Analysis and the Question of Critical Disablement. In: *Current Writing*. 5(2). 44-69.
- Hattingh, Marion en Van Wyk, Steward (reds.). 1998. *Die reis na Paternoster*. Bellville: UWK.
- Hattingh, Marion. 1995. Die Stoetmeester van Etienne van Heerden: gesigte van 'n gestorwe siener. *Literator* 16 (2): 79-93.
